

Selle ou storie

Selle ou storie is op 15 Oktober 1974 in die oorspronklike vorm in die Buiten-Ruimte van die Ruimte-teater geopen, met regie deur Pieter-Dirk Uys en met die volgende geselskap:

ESTER VILJOEN: Christine Basson

RUFUS: Johann van Heerden

GREGORY: Marthinus Basson

SANDRA: Lynne Maree

Die teks is daarna ontwikkel en aangepas om in 1976 af te speel.

Die aksie speel op 16 Junie 1976 in die woonkamer van Ester Viljoen se Hillbrow-woonstel in Johannesburg af, van laat die dag tot vroeg die volgende oggend.

Die karakters is:

ESTER VILJOEN

RUFUS

GREGORY

SANDRA

EERSTE BEDRYF

Die draagbare radio op die tafel is aan: Nuusberig. Dit gaan oor die politiek van die dag. Daar was 'n optog in Soweto deur skoolkinders en mense is deur die polisie geskiet. Ester kom in en verander na 'n ander stasie: Springbokradio-sepie. Gaan uit en kom in met die pos. Kyk daarna en gooi dit neer. Gaan uit na haar slaapkamer.

Kom terug met bril aan en met koerant. Verander radio na Gé Korsten wat sing.

Sy skeur iets uit die koerant. Plaas dit in plakboek.

Draai na spieël om krullers uit hare te neem. Telefoon lui. Slaan radio af en gaan na die foon, maar dit stop voordat sy dit kan optel.

ESTER: Bliksem . . .

Terug na spieël en voorkoms. Telefoon lui weer.

Toe nou, wimpertjie . . . Ja, ja, ek kom . . .

Tel foon op. Sy praat met 'n 'Tswana'-aksent.

Dumêla . . .

Lag.

O, Mammie? Nee, nee dit gaan goed. Waar het Mammie dit gehoor? Ek luister nie na die nuus nie. Skoolkinders in Soweto? Ag nee, asseblief! Nee, Mams, wag net 'n oomblik – ek probeer net 'n wimper vasplak . . . oomblikkie engel . . . wat? Nee, mammie, natuurlik is ek nie alleen nie . . .

Giggel.

Jan, Piet, Koos, Klaas, los my lyf, kêrels!

Luister na reaksie.

Ja, Mammie, dis 'n orgy. Twintig stokstywe naakte bouddrillende Helpmeekaar-skoolseuns. Oomblikkie, engel . . .

Sit foon neer en gaan na spieël.

Sit nou, donnerse krulding! Soooo jaaaa . . . daar's hy, lekker ou wimpertjie . . .

Terug na foon.

Jammer, Mams. Hoe nou? Skoolseuns? . . . ag toemaar, Mammie, ek joke maar net. Natuurlik sal ek jou wil sien. Nee, wag engel, bel my eers so om en by elfuur môreoggend. Ek sal hier wees. Goed, Mammie, totsiens . . . ja . . . Groete vir Paps hoor . . .

Maak soentjies in foon.

Totsiens, engel . . . Goed, totsiens . . . ja, bye . . .

Sit foon neer. Sit radio weer aan: Musiek. Kyk na foto's van haar. Een maak haar vies. Sy gaan uit.

Pouse.

Rufus kom in van buite. Hy sit radiostasie oor na die nuus. Ons hoor die nuus.

Ester kom in, bril en foto's in hand. Waai na die radio: dit moet af.

RUFUS: Daar's kinders doodgeskiet.

ESTER: Ek dog jy's omgery of ontvoer. Ek het my soos 'n ma ontstel.

RUFUS: Wat de hel gaan aan? Soweto? Dis om die draai!

ESTER: Vee af jou voete.

RUFUS: Wat?

ESTER: Ek sê: Vee jou blerrie voete af. Ek wil nie jou modder en mis in my tapyt ingetrap hê nie.

RUFUS: Dit reënt nie.

ESTER: Dit reënt altyd.

Rufus kyk saam met haar na die foto's.

RUFUS: Maggies, ek hou van dié een. Ester, dis fantasties!

ESTER: Watter een? Dit? Vieslik! Die donner het aangedring dat ek al my grimering afkrap. Ek't skoon verkrag gevoel.

RUFUS: Miskien, maar dis een van die beste wat al van jou geneem is.

ESTER: Ek hou van dié een, of hoe?

RUFUS: Here! Jy lyk soos 'n ou slet!

ESTER: Ek hou daarvan.

RUFUS: Ek is seker jy's mal daaroor – flerrie! Ek verkies nog steeds die verkragte foto's.

ESTER: Ek lyk 'n duisend jaar oud.

RUFUS: Jy lyk fantasties.

ESTER: Waar de donner was jy?

RUFUS: Ek . . . ek kon nie vroeër kom nie.

ESTER: Jy wat?

RUFUS: Ek kon nie wegkom nie.

ESTER: Die telefoon . . .

RUFUS: Ek kon nie net opstaan en gaan bel nie.

ESTER: Natuurlik. Die ondervinding het jou waarskynlik in 'n beswyming gebring.

RUFUS: Ek is jammer.

ESTER: Ek was veronderstel om halfsewe by Alexis te wees.

RUFUS: Nou ja? Dis nou maar pas seweur.

ESTER: Hoekom het jy nie gebel nie?

RUFUS: Hoekom moet ek nou eintlik altyd vir jou bel!

ESTER: Ek worry.

RUFUS: Ek het vir jou gesê. Ek kon nie opstaan en gaan bel nie. Ek moet my kans afwag.

ESTER: Hoe lank moes jy wag?

RUFUS: Ure.

ESTER: Maar jy kon nie net straat toe uitglip en vir my bel nie. Jy weet ek wag!

RUFUS: Ek sê mos, Ester, ek kon nie . . .

ESTER: Ja. Presies jou woorde. 'Kon nie'!

RUFUS: Wel ek het nie toe daaraan gedink nie. Ek moes bly sit.

ESTER: Bly sit.

RUFUS: Ja. Daar was honderde mense.

ESTER: Honderde mense?

RUFUS: Ja. Omtrent twintig.

ESTER: En hoe laat, my engeltjie, was jou ou bestellinkie?

RUFUS: Drieuur.

ESTER: Drieuur? Jy kon maklik gebel het, jou donner!

RUFUS: Moet ek nou elke uur inklok, juffrou Viljoen?

ESTER: Ek bekommer my. Ek hou nie daarvan om uit te gaan en my woonstel leeg te laat staan nie.

RUFUS: Jy wil net sien wie ek van die straat af opnooi.

ESTER: Ek voel verantwoordelik vir jou. Probeer my ook soms in ag neem. So af en toe. Of is dit te veel gevra?

RUFUS: Ester, jy kan 'n huurmotor neem en maklik oor twintig minute by Alexis wees. Maklik!

ESTER: Ek is om halfsewe verwag. Half-donnerse-sewe. Hulle is belangrike mense. Ek is nooit laat nie; nie vir belangrike mense nie.

RUFUS: Jy's nog nie eers aangetrek nie.

ESTER: En wat het dit daarmee te doen?

Pouse.

RUFUS: Jy kan altyd weer sê dis my skuld. Jy sal gou genoeg vir hulle laat verstaan.

ESTER: Engeltjie, jy bestaan nie. Hulle ken nie eers jou naam nie.

RUFUS: Natuurlik weet hulle van my. Ek was hier daai aand toe Alexis en Marie kom eet

het.

ESTER: O ja, jy was hier. En ook daardie kelnertjie uit die restaurant onder in die straat.

Maar hy kon egter kos smaakvol bedien. Ook het hy skoon geruik, en dit nogal vir 'n kaffer.

RUFUS: Watter kelner?

ESTER: Wat jy tussen die ure van drie en sewe doen, gaan my glad nie aan nie. Moet net nie my planne opdons nie!

Die foon lui. Sy tel dit op.

Slapgat! Hello, Alexis Engelhart!

Sy lag luid.

Ag, my darlinkie, ek is heeltewel verpletter! Jy weet mos ek is nooit laat nie . . . ja, ja iets hou my hier vas . . . nee, nee natuurlik sal ek daar wees, dis net . . . ag, hartjie, jy weet mos hoe moeilik is hierdie rolprentmense . . . ja, hy sit hier . . .

Rufus lag.

. . . nee, engel, ek praat uit my slaapkamer . . . sê ekskuus vir Marie . . . ja, sien julle oor so twintig minute . . . wonderlik, engel, wonderlik! Okay. Bye . . .

Gee foon vir Rufus om terug te sit. Gaan na spieël en voorkoms en gaan uit.

RUFUS: Sies, Ester, jy sal nooit hemel toe gaan nie.

Maak haar na.

'O ja, darlinkie, daar sal heel moontlik 'n nasionale toer hieruit kom. Wie weet, poppie, miskien nog die rolprent van die toneelstuk van die boek. Natuurlik sal jy gewig moet verloor, engelhartjie, jy weet dis 'n uitputtende rol.

ESTER (*af*): Hou jou smoel, hippie!

RUFUS (*lag*): Dink jy Alexis het vir een oomblik daardie ou storie geglo? Rolprentmense! Jy probeer dinge net interessant laat klink, ingeval ou Alexis 'n rolletjie vir jou het. Seker in een van sy moë klugte.

ESTER (*af*): Sy naam is Alexis Vallance, aanhangseltjie!

RUFUS: Ek hoor nou soos hy aan sy goeie vrou Marie sê: Ou Ester klink al weer poepdronk, Marie-lief.

Ester kom in met haar rok nog oop van agter. Skoene in hand.

ESTER: Ek is nooit poepdronk nie!

RUFUS: Jy klink dronk sodra jy senuweeagtig word. Daardie oproep het soos 'n ramparty geklink.

ESTER: Ek was jare laas dronk! Hoe durf jy so iets sê! Jy't my nog nooit dronk gesien nie!

Erken dit, bogger, nooit!

RUFUS: Nooit? En wat van daardie aand in Yeoville?

ESTER: Ek onthou nie.

RUFUS: Yeoville! Die aand toe Gregory en Sandra vasgehaak het. Jy't die helfte van die aand op die kakhuisvloer gelê en kots.

ESTER: Leuens!

RUFUS: Jou grimering was so besmeer dat twee huurmotors later by ons verbygery het. Hulle't seker gedink jy was 'n terroris in *drag*.

ESTER: Ag nonsens, man!

RUFUS: Jy't ook in die huurmotor gekots.

ESTER: Ek was siek. My maag was seer. Sies! Daardie Yeoville-setup was genoeg om 'n engel te laat kots. Maak vas.

RUFUS: Ek dink eintlik jy was jaloers omdat Gregory vir Sandra bo jou verkies het.

ESTER: Jaloers? Jaloers! Ek het jou vir twee jaar met Gregory gedeel. Sou jy dit jaloesie noem?

RUFUS: Ek weet nie. Jy't agter Gregory gelus. Jy was gevelei deur sy aandag aan jou image.

ESTER: Watter donnerse image!

RUFUS: Vertel jy my, ou Ester. Wat is die image nou? Here weet, jonk en pragtig is iets van die verlede.

ESTER: Ek is op 'n dieet.

RUFUS: Ag, nonsens, jy hou nooit op met vreet nie.

ESTER: Ek vreet omdat ek ongelukkig is.

RUFUS: En watter rede het jy nou om kastig ongelukkig te wees? Jy't alles wat jou hart begeer.

ESTER: Het ek?

RUFUS: Ja, jy het. 'n Pragwoonstel in die beste deel van Johannesburg.

ESTER: Balkon! Pierneef!

RUFUS: Klere . . .

ESTER: Haai, raai nou, klere?

RUFUS: Mense herken jou in die straat.

ESTER: Natuurlik. En ek is wit.

RUFUS: En dit ook maar net van buite. Wat wil jy nog meer hê – 'n normale lewe? Dit het by die venster uitgevlieg die dag toe jy jou wimpers gekoop het.

ESTER: Jy't my aand probeer bederf. Tipies! Hoekom het jy nie gebel nie!

RUFUS: Omdat ek moes toustaan vir werk. Rolprentmense, soos jy hulle so familiêr noem, weet nie wie ek is nie. Hulle nooi my nie om voor in die tou te staan nie; my naam is nie Ester Viljoen nie.

ESTER: Ek is bly jy besef dit.

RUFUS: Ongelukkig . . . wat weet jy van ongelukkigheid. Mense vra jou saans uit; jy's gevestig; jy't geld.

ESTER: Moenie romantiseer nie.

RUFUS: Maar dit is romanties. Jou lewe, jou sukses. Die feit dat ek saans soos 'n rammetjie op jou rondspring is ook romanties.

ESTER: Moenie spekuleer nie.

RUFUS: As ek in 'n tou staan by die filmateljees met so baie ander Rufusse . . .

ESTER: Een Rufus, twee Ruffies . . .

RUFUS: . . . dan dink ek aan jou lewe en dit is romanties. 'Glamorous' is die woord op Engels.

ESTER: Nou ja, leer dan Engels, en gaan werk in Glamorous Londen as jy te goed is vir dié land! Ag, toemaar, my geflopte skapie, ek het ook my ondervinding van toustaan.

RUFUS: Ja, seker om Dingaans se kraal. Vandag, by die ateljee, so tussen ons Boere-seuns wagtend op sukses en roem, was daar 'n kleurlingvrou uit die Kaap. Met 'n rooi jas. Sy was daar toe ek daar aangekom het; sy was nog daar toe ek gewaai het. Sy't my gesê haar naam was Sally de Santos . . .

ESTER: O eina! Klink asof groot tiete by die naam pas – Sally de Santos.

RUFUS: Vir my kleinbasie genoem.

ESTER: Sally de Santos from the Cape, mastertjie.

RUFUS: Haar regte naam was egter nie Sally de Santos nie . . .

ESTER: Gattis van Graan?

RUFUS: Plein Sofie. Sofie van die Kaap . . .

ESTER: Sofie van die Kaap?

RUFUS: Alleen in die Goudstad.

ESTER: Goudstad . . .

RUFUS: Sy wou 'n filmstar word. Soos Sofie Loren. Een bruin mensie tussen die groen sterre van ons blanke jeugdom. Nou dit, veteraan-Trekkersvrou Viljoen, is wat die gewone mense 'n rede tot ongelukkigheid noem.

ESTER: Wat wil jy hê moet ek doen, bakkie? Vir haar as bediende in diens neem?

RUFUS: Sien jy wat ek bedoel? Here, Ester, jou waardes bestaan eenvoudig nie.

ESTER: Kyk, aanhangseltjie, as werk van my toustaan verlang, sal ek my tande hier los en met rooi jas en al my kans gaan afwag.

RUFUS: Daardie arme ou vrou het heel moontlik 'n familie by die huis wat saans bioscope toe gaan om vir haar op die silwerdoek te soek. Sy't seker nie eers 'n plakboek nie; nie eers te praat van 'n pensioen nie.

ESTER: Ek het ook g'n pensioen nie.

RUFUS: Geen dinees, geen Alexis Engelhartjie, geen vals wimpers . . .

ESTER: My gits, Rufus, hoekom word jy nie student nie. Dan kan jy op 'n seepkis gaan staan en verban word. Dink net aan al die publisiteit – oornagsukses! Ag toemaar, los jy maar jou ou Sofie en haar probleem. Sy't seker nie eers talent nie. Sy mislei haar. Sy behoort vir haar werk te kry.

RUFUS: As jou meid.

ESTER: Waar sy nie so ongelukkig sal wees nie, Rufus engel.

RUFUS: Ek het nie gesê sy was ongelukkig nie. Dis net dat dit my seergemaak het om haar daar te sien sit. So sonder hoop of toekoms.

ESTER: Hoeveel van ons hier het werklik hoop? Of toekoms?

Pouse.

Ek sê nog, sy behoort vir haar werk te kry. Sy kan maklik werk kry; miskien in 'n winkel. Kleurlinge is skaars in die Transvaal.

RUFUS: Sou jy in 'n winkel werk?

ESTER: Waarvoor, engel? Ek is 'n aktrise!

RUFUS: Ja, Die Afrikaanse 'Aktrieese'. Sies! Ek gaan bed toe.

ESTER: Al weer?

RUFUS: Jy maak my siek. Daar is oomblikke, Ester, wanneer jy 'n klap deur jou bek . . .

ESTER: 'n Klap deur my . . .? Ek dare jou! Boef!

Pouse.

RUFUS: Luister, sit poeier op jou neus, trek aan jou glimlag en waai.

ESTER: Lyk ek alright?

RUFUS: Doen iets aan jou hare . . . nee, agter . . . dit staan regop soos strooi.

ESTER: Bliksem . . .

Rufus kyk na sy horlosie.

Pouse.

Ester by die spieël.

RUFUS: Waaroor is jy nou eintlik genooi? Het ou Alexis Engelhartjie vir jou 'n rol

aangebied?

ESTER: Ek weet nie. O Here, dit sal darem wonderlik wees.

RUFUS: Ek sal vir jou duim vashou.

ESTER: Dankie, engel.

RUFUS: Ek hoop egter jy vaar beter as ek. Iemand moet die huur betaal.

Pouse.

ESTER: Hoe onvergeeflik van my . . . hoe het dit met die onderhoud gegaan?

RUFUS: Oudisie. Daar was 'n filmtoets.

ESTER: Ja, ek het bedoel om vir jou te vra, maar jy was so vieslik teenoor my, ek het skoon vergeet.

RUFUS: Ek het so gemerk.

ESTER: Wel? Hoe was die filmtoets?

RUFUS: Okay.

ESTER: Wat moes jy doen? Praat? Reageer?

RUFUS: Ja.

ESTER: Moes jy jou klere uittrek?

RUFUS: Here, Ester, dis vir 'n Afrikaanse rolprent!

ESTER: Nou ja? Het ons Trekkerseuns altyd klere gedra? Jy moes jou boudjies vir hulle gewys het, bokkie. Jy't die mooiste paar boude in Boeredom.

Sy lag.

En?

RUFUS: Wel, ek lyk nie juis die toonbeeld van 'n oornagsukses nie, of hoe?

ESTER: Hulle't nee gesê, my arme engeltjie.

RUFUS: Hulle't gesê hulle sal my bel.

ESTER: Bel? Gmf, jy weet natuurlik wat dit beteken.

RUFUS: Dit beteken ek het 'n kans.

ESTER: Nie sonder daardie kaal Boereboude van jou nie. Moenie op beloftes staatmaak nie, Rufus.

Pouse. Hy lyk vies.

Ag toemaar, ou bokkie, ek is seker jy sou die werk vervelig gevind het. Jy weet hoe goor ons ou Boererolprente is, so tussen die Groot Vrek en die Van der Merwes van Poepfontein.

RUFUS: Jy bedoel seker al die ou Ester Viljoen-filmpies.

Pouse. Sy gluur hom aan.

ESTER: Mmm, dis seker op die ou end 'n goeie ding dat jy die werk nie gekry het nie.
Hoekom het jy nie jou boudjies vir die kameratjie gedril nie, hê, bokkie?

RUFUS: Jy wil regtig nie hê dat ek in iets sukses behaal nie.

ESTER: Rufus, dis gemeen.

RUFUS: Ek dink eintlik jy sou ontsteld wees as ek daardie rol gekry het, kaalgat ofte nie.

ESTER: Engel! Ek sal die regisseur opbel as jy wil. Ek ken hom mos goed. Ek sal jou talente hemelhoog prys. Ou Viljoen sal die ou rolletjie vir jou bedel, my skapie.

RUFUS: Ester, jy's 'n regte mens.

ESTER: Wel, jy sal ten minste weet waar jy staan.
Sy tel die foon op.

RUFUS: Nee dankie.
Pouse. Sit die foon neer.

ESTER: Nou goed, as jy dan wil koppig wees . . .

RUFUS: Ek is nie koppig nie!
Sy begin haar handsak skoonmaak.

ESTER: Jy is. Blerrie koppig. Here, van die dag wat ek jou leer ken het, was jy altyd koppig, koppig, koppig. Toe jy saam met Gregory gewoon het . . .

RUFUS: Moenie weer daarmee begin nie.

ESTER: Laat my klaarpraat! Toe jy saam met Gregory gewoon het . . . Here weet wat jy in hom gesien het . . .

RUFUS: Hy was ten minste in my probleme geïnteresseerd.

ESTER: O? So, ek bekommer my nou nie oor jou probleme nie.

RUFUS: Nee. Ek dink nie jy lê juis saans wakker en kwel jou oor my nie. Behalwe natuurlik as ek bo op jou lê!

ESTER: Siesbek!

RUFUS: Moenie so verontwaardig wees nie. Dis wat agter jou rug plaasvind waarin jy nou eintlik belangstel. Anyway, toe, praat. My koppigheid.

ESTER: Wat? O ja, onthou jy so twee jaar gelede? Ek het vir jou 'n rol in Robert se *Twaalfde nag* gekry; 'n goeie rol met ons beste regisseur . . .

RUFUS: Hy't jou 'n guns geskuld.

ESTER: Ek het gesorg dat jy die rol kry. Ek was so in jou probleme geïnteresseerd dat ek uit my pad gegaan het om vir jou die rol te kry en jy smyt dit in my gesig terug!

RUFUS: Hoe kon ek met hulle gaan toer het? Gregory was besig om deur 'n moeilike stadium te gaan.

ESTER: O ja, Gregory se moeilike stadiums.

RUFUS: Ester, dit is miskien moeilik vir jou om te begryp, maar daar is tye wanneer dit belangriker is om by iemand te bly as om agter 'n teaterrolletjie aan te hol.

ESTER: Moeilike stadiums! Gregory het altyd woes sy polse in die lug gewaai en die pille gerattle. Selfmoord se voet! Hy het dit briljant gebruik om jou by hom te hou.

RUFUS: Hy sou iets oorgekom het as ek geloop het.

ESTER: Ja, en toe trap daardie Engelse teef oor jou roostuintjie.

RUFUS: Thanks to you.

ESTER: Ja, thanks to me. Dis reg, donnertjie, blameer my maar vir jou eie pieperigheid.

RUFUS: Sandra sou haar reis voortgesit het as jy haar nie aan Gregory voorgestel het nie.

ESTER: Ek kies my vriende baie versigtig. Sandra was soekend na sekuriteit en woonplek. Sy't albei blykbaar in Yeoville gevind, finis en klaar. Jy was ook te koppig en pieperig om haar uit te smyt.

RUFUS: Gregory wou haar daar hê.

ESTER: Natuurlik wou hy haar daar hê! Dit was belangrik vir sy besmette ego om haar deeglik te lê. Dit was nogtans jou woonplek ten spyte van ou Ester se warm kooi. Here verhoed dat ek eendag deur 'n maniak aangeval word terwyl jy rondstaan!

In aansit-Engels:

'You wouldn't beat them or join them. Oh no! Nothing as positive as that!'

RUFUS: Jy gaan baie laat wees.

ESTER: As 'n lekker stuk manskvleis hier ingestap kom, en sê hy wil my lê, wat sou jy maak? Hê? Wat sou jy maak?

RUFUS: Hom na 'n sielkundige sleep. Toe loop nou, Ester.

ESTER: Sielkundige?

Sy lag.

Here, jy's 'n poephol. Lê my hare plat van agter?

RUFUS: Ja, ja, dis okay.

ESTER: En . . . è . . . lyk ek alright?

RUFUS: Fraai.

ESTER: Rufus, kyk my in die gesig wanneer jy lieg.

RUFUS: Spekvet en gesond.

ESTER: Ek is mooier as jy.

Hy soen haar.

RUFUS: Ek is jonger as jy.

Hy gaan uit.

Moenie vergeet om die voordeur te sluit nie. Ons wil nie die inbrekers nooi nie.

ESTER: Scared of competition?

Rufus lag.

Klein donner.

Sy gaan na die voordeur.

Bye, engel.

Telefoon lui. Sy antwoord.

Ag toe nou, piep-piep nou klaar!

Antwoord in 'kleurling'-aksent.

Hello? Eh . . . Miss Viljoen is gone out, Master . . . no, Master Rufus isn't home yet,

Master. Yes, Master, I can take a message, Master, what's the name, Master? . . .

Gregory?

Pouse.

Yes, I'll leave the message, Master Gregory . . .

Sit foon stadig neer.

O Here, asseblief, asseblief nie weer nie.

Rufus kom in met glas melk en broodjie.

RUFUS: Ek dog jy's al weg.

ESTER: Op pad.

Pouse.

È . . . Rufie? Hoekom kom jy nie saam nie?

RUFUS: Wie was dit?

ESTER: Waar?

RUFUS: Gebel. Die telefoon?

ESTER: O . . . è . . . niks. Verwag jy iemand?

RUFUS: Wat? Vanaand?

ESTER: Om te bel?

RUFUS: Nee. Was dit een van daardie . . .

Maak soos sekspes wat asemhaal.

ESTER: Ja . . . seker . . .

Pouse.

Sy eet van sy broodjie. Sit by hom.

Kom, bokkie, trek jou mooi aan en dan kom jy saam.

RUFUS: Ag nee wat.

ESTER: Ag ja wat. Jy sal dit baie geniet. Ek weet jy hou mos van Alexis en Marie.

RUFUS: Ek kan nie eers onthou of ons twee woorde gewissel het nie. Jy was reg, Estie, hulle weet seker nie eers van my bestaan nie.

ESTER: Maar Alexis het spesifiek gevra dat jy saam kom.

RUFUS: Wanneer?

ESTER: Wanneer? Oor die telefoon, dis wanneer. Hy't oor die telefoon gevra.

RUFUS: Ek dog dit was 'n draadtrekker . . .

Maak weer die geluid.

ESTER: Ag nee sies, Rufus. Kom nou, jy sal dit geniet. Baie interessante mense.

RUFUS: Nee.

ESTER: Hoekom? Het jy ander planne?

RUFUS: Ek wil 'n boek lees.

ESTER: Jy kan jou boek saambring!

RUFUS: Here, Ester, moenie lol nie!

ESTER: Ek vra mooi!

RUFUS: Ek wil nie saamkom nie. Ek wil hier bly. Kyk: melkies, broodjies, boek. Ek sal my onderbroeke was en die kombuis probeer skoonskraap.

ESTER: My woonstel is skoon.

RUFUS: Okay, okay, dis skoon.

ESTER: Nou ja dan, moenie so lieg nie.

Drink van die melk.

Sies, die melk is suur.

RUFUS: Bietjie.

ESTER: Proe.

RUFUS: Bietjie.

Pouse.

Sy loop op en af in die kamer.

ESTER: Mammie het gebel.

RUFUS: Ja?

ESTER: Ja.

Pouse.

RUFUS: En hoe gaan dit met haar?

ESTER: Okay.

RUFUS: En jou pa?

ESTER: Ja.

RUFUS: Ook okay?

ESTER: Ook okay.

Pouse.

Rufus?

RUFUS: Mmmm?

ESTER: Ek wil nie graag alleen in die straat uitgaan nie . . .

RUFUS: Wat?

ESTER: Ag, ek is mos 'n outydse girl. Ek hou daarvan as mans my sigarette aanvlam; deure vir my oopgooi . . . die . . . è . . . die Hilbrow-strate is gevaarlik, ek is bang vir aanranders!

RUFUS: God, niemand sal jou . . .

Staan met 'n sug op.

Kwit, ek sal vir jou 'n huurmotor bel.

ESTER: Nee, nee . . . dis gouer as jy self een in die straat gaan soek. Gouer . . .

RUFUS: Ruk jou reg, Ester! Daar is honderde huurmotors in Hillbrow. As jy nie nou 'n begin maak nie, sal jy ure laat wees en ek sal nooit die einde daarvan hoor nie.

ESTER: Miskien gaan ek nie meer nie.

RUFUS: Hoekom nie?

ESTER: Ek weet nie! Ek is nie meer lus nie: ek weet nie! Miskien is jy reg, bokkie. Dis al donners laat en ou Alexis haat koue ingevoerde sosaties. Ek sal iets anders aantrek . . . iets . . . è . . . koelers, 'n brandewyntjie . . .

Praat in ouvrou-stem.

'vir my seer ou been drink . . .' en dan kan ons saam . . . wel, miskien saam jou boek lees, hmm? Ja!

Lag en gaan na die slaapkamer.

RUFUS: Ester, ek dink regtig . . .

ESTER: Jy dink regtig!

RUFUS: Ek dink regtig . . .

ESTER: Presies jou woorde, het jy enige ander?

RUFUS: Ester! Los die speletjies! As jy nie nou na Alexis gaan nie, sal jy iets belangriks misloop.

ESTER: Ek is nie so seker daarvan nie.

RUFUS: As Alexis Vallance jou uitnooi, dan is dit heel moontlik dat hy planne beraam. Wie weet? Dalk 'n goeie rol vir jou.

ESTER: Moontlik.

RUFUS: Nou ja? Dis mos die kans waarvoor ons vir maande wag. Iets die moeite werd.

ESTER: Ook moontlik.

RUFUS: Kyk, Ester, jy sal my nooit vergeef nie.

ESTER: Nee. Ek sal nie!

Pouse.

RUFUS: Goed, ek sal 'n huurmotor in die straat gaan soek.

ESTER: Nee, nee.

RUFUS: Ek sal ten minste met jou saamstap.

ESTER: Waarom dra jy my nie in jou arms nie! Jong, moet dit nou nie oordoen nie!

RUFUS: Dis niks moeite nie.

ESTER: Moenie so subtiel van my probeer ontslae raak nie, Rufus. Jy laat my onseker en onwelkom voel. Onsekerheid kan lei tot polse en pille. Buitendien, bokkie-lief, jy sal jouself moontlik uitsluit. En dit sou nie volgens plan wees nie.

Pouse.

RUFUS: Het jy jou sleutels?

ESTER: Ja.

RUFUS: En jou geld?

ESTER: Ja, engel!

Sy krap in haar handsak.

RUFUS: Ek sal miskien van die foto's teen die muur hang.

ESTER: Wat?

RUFUS: Die verkragte foto's van jou.

ESTER: Jy hou jou pote van my mure af! Geen foto's! Dis my mure!

RUFUS: Okay, okay, dis jou mure. Hier. Hou dit in jou klou vir die huurmotor.

ESTER: Ag hou my blerrie geld. Ek het genoeg, dankie.

RUFUS: Gee my jou handsak.

ESTER: Wat de duiwel is verkeerd met jou!

RUFUS: Jou bril.

Sit die bril in haar handsak.

Ons wil sien wat ons eet vanaand of hoe? Ons wil nie weer sonder bril sit en 'n bak rooswater drink nie. Neem die hyser.

ESTER: Maar sê nou . . .

RUFUS: Dit sal nie vassit nie. Jy sal eerder by die trappe afdonder.

ESTER: Ag sies, Rufie, jy's so gemeen.

RUFUS: Natuurlik. Dis juis daaroor dat jy my so liefhet.

ESTER: Maar ek sou baie eerder hier wil bly.

RUFUS: Moenie melodramaties wees nie. Loopbaan eerste, onthou?

ESTER: Maar Gregory . . .

Pouse.

RUFUS: Wat? Wat van Gregory?

ESTER: Gregory?

RUFUS: Wat van Gregory!

ESTER: Niks, ek . . . è . . .

RUFUS: Hoekom het jy my Gregory genoem . . .?

ESTER: Ek weet nie . . .

RUFUS: . . . ons het Gregory maande laas gesien!

ESTER: . . . ek weet nie!!

Sy laat haar handsak val.

Oppas, my bril . . .

RUFUS: Die bril het niks oorgekom nie. Toe loop nou . . .

ESTER: Ek sal nie laat uitbly nie.

RUFUS: Hoe laat?

ESTER: Nie laat nie. Ek sal vroeg huis toe kom, ek belowe.

RUFUS: Viljoen, as jy eers in die kollig staan, bly jy altyd totdat hulle die laaste
koeldrankbottel weggepak het.

ESTER: Ek is seker ek sal dit haat!

RUFUS: Jy't die werk nodig.

ESTER: Miskien sal ek vir Alexis bel en sê ek is siek.

RUFUS: Toe loop nou . . .

Telefoon lui.

Ek sal dit antwoord . . . toe, loop nou. Loop nou!

Tel die foon op.

Hallo? Ja, sy's nou net hier uit . . . so 'n paar minute gelede . . . Rufus. Rufus! Nee, u sal
my seker nie onthou nie . . . ja, ja hy bring haar . . . totsiens.

Sit foon neer.

Nou ja, dit was nou nie juis 'n oorvriendelike uitnodiging nie.

ESTER: Was hy vies?

RUFUS: Hy sal kwaad wees as jy nie dadelik gaan nie.

ESTER: Hy't seker jou naam vergeet.

RUFUS: 'n Naam soos myne?

ESTER: Wel . . . hy's 'n Jood.

RUFUS: Wat het dit daarmee te doen?

Sy trek net 'n gesig.

Hy't gevra of jou rolprentman jou in sy motor bring. Ek't ja gesê.

ESTER: Watter rolprentman?

RUFUS: Jou lieg-leuen-rolprentman. Die een wat jou laat gemaak het, onthou?

ESTER: Hy't oor die rolprentman uitgevra?

RUFUS: Hei, jy kan die lieg storie van jou gebruik. Sê hy't jou 'n rolprent aangebied . . . enigiets. Sal jou fooi opstoot.

ESTER: Ja . . . Viljoen se ou footjie . . .

Neem teks uit laai.

So ja . . . dit sal help. Ek sal sê ek word dit aangebied. 'Ons Ewige Gebergte'.

RUFUS: Dis die vieslike ou draaiboek . . .

ESTER: Sal my fooi opstoot. Bye, bokkie.

Soen hom en gaan na die deur toe. Stop.

RUFUS: Bye.

ESTER: Rufie?

RUFUS: Mmm?

ESTER: Beteken ek iets vir jou?

RUFUS: Ek het jou mos lief.

ESTER: Los 'lief'. Ek vra of ek iets vir jou beteken?

RUFUS: Ja, Ester, jy beteken iets vir my. Waarom hierdie skielike . . .

Pouse.

ESTER: Versigtig, bokkie.

Sy gaan uit.

Ek sal nie laat uitbly nie.

Hy maak seker sy is weg. Slaan die radio aan. Eers musiek en dan nuus. Dit gaan oor sport.

RUFUS: Sports!

Slaan oor na musiek.

Stal Ester se foto's uit.

Gregory kom binne.

Pouse.

GREGORY: Die voordeurklokkie werk nie.

RUFUS: Nee.

GREGORY: Wat's met die lift verkeerd? Trappe is my dood.

RUFUS: Viljoen is in die hyser op pad na haar party.

GREGORY: Nou eers?

RUFUS: Jy weet hoe sy kan aangaan.

GREGORY: Ja.

Pouse.

Weet sy hiervan?

RUFUS: Nee.

Pouse.

GREGORY: Ek . . . wou iets saambring. Ek kon nie dink wat julle sou kortkom nie . . . ek

wou wyn bring, maar . . .

RUFUS: Toemaar, Greg, ons het.

GREGORY: Ja, maar ek wou iets bring.

RUFUS: Dis alright. Sit.

GREGORY: Dankie.

RUFUS: Drankie?

GREGORY: È . . . wat het julle?

RUFUS: Alles, Esso, Shell, Caltex . . .

GREGORY: Whisky.

RUFUS: Whisky.

Pouse.

GREGORY: Net water by.

RUFUS: Jy drink nie meer gin nie?

GREGORY: Wat?

RUFUS: Gin.

GREGORY: Nee. È . . . Sandra haat dit. Buitendien gee dit my nog . . . è . . . indig . . .

RUFUS: Indigestion?

GREGORY: Ja.

RUFUS: Lyk my die ou Afrikaans is ook 'n bietjie verroes.

GREGORY: Ja.

Pouse.

Maggies, maar die plek lyk . . .

RUFUS: 'n Gemors.

GREGORY: Ja. Niks verander nie.

RUFUS: Nee?

GREGORY: Hoekom laat sy nie die mure oorverf nie?

RUFUS: Waarvoor? Dis mos haar mure!

Gee Gregory sy drankie.

GREGORY: Dankie.

Pouse.

RUFUS: È . . . waar is jou Sandra?

GREGORY: Sy sal 'n bietjie laat wees. Het jy nie my boodskap gekry nie?

RUFUS: Boodskap?

GREGORY: Dat sy sal laat wees. Sy verwag 'n oproep; iets in verband met haar werk. Ek het gebel. Jy't mos gesê ons sou eet.

RUFUS: Ja, niks buitengewoons nie . . .

GREGORY: Sal dit saak maak as ons met die kos wag tot Sandra kom?

RUFUS: Kos? O nee, nee, dis maar net die gewone ou gemors.

GREGORY: Spaghetti.

Hulle lag.

Pouse.

RUFUS: Jy't gewig opgetel.

GREGORY: O?

RUFUS: Nee, ou Greg, dit lyk goed. Spekvet en gesond.

GREGORY: Sandra verkies dit. Sy hou nie juis van maer mans nie.

RUFUS: Reken, nè?

GREGORY: Ja.

Pouse.

RUFUS: Nee wat, sy't jou lekker uitgevul. Iets om aan te gryp, soos hulle sê.

GREGORY: Miskien.

RUFUS: Ek haal aan.

GREGORY: Ja, ou Viljoen.

RUFUS: Sy vreet soos 'n vark.

GREGORY: Is dit?

RUFUS: Alles wat sy haar kloue kan oplê – soos 'n ou sog.

GREGORY: Sies, Rufus!

RUFUS: Maar dis waar . . . oink, oink!

Hulle lag.

GREGORY: Miskien is sy ongelukkig.

RUFUS: Wat het dit daarmee te doen?

GREGORY: Eet.

RUFUS: Ag robbies, man, sy's in ou vraat.

GREGORY: Shame . . .

Pouse.

GREGORY EN RUFUS: Ons . . . het jy . . .

RUFUS: Jammer, praat.

GREGORY: Ons het Viljoen se TV-ding gesien.

RUFUS: En?

GREGORY: Sy was fantasties.

RUFUS: Mmm. Bly julle nog in ons ou huis?

GREGORY: Nie vet nie.

RUFUS: Nee, sy was goed. Nog in ons ou huis?

GREGORY: Ja. Van buite. Selle ou huis.

RUFUS: En binne?

GREGORY: Muurpapier en plastiese gansies op 'n ry.

RUFUS: O my God!

GREGORY: Nee, ek speel somaar.

RUFUS: Ek sou so hoop.

GREGORY: Ons is baie gelukkig, Rufie.

Pouse.

RUFUS: Wat het van ons parkeermeter geword?

GREGORY: Sy't dit verkoop.

RUFUS: Verkoop? Teef! Wat nog?

GREGORY: Die badkamer laat herbou.

RUFUS: Tipies Engels.

GREGORY: Ons shower is uitgesmyt.

RUFUS: Radikaal!

GREGORY: Een van die katte is doodgery.

Pouse.

RUFUS: Floffie? Foeitog.

GREGORY: Dikkes is nog dik . . .

RUFUS: . . . soos jy.

GREGORY: . . . wil net boerewors eet . . .

RUFUS: Egte Boerekat! Klink ook duur . . .

GREGORY: . . . wil niks anders eet nie; weier!

Pouse.

Ester het baie goed gespeel.

RUFUS: Ja.

GREGORY: Sandra het saamgestem. Al verstaan sy nog maar min 'teater-Afrikaans', spreek dit boekdele. Hoekom het jy nie daarin gespeel nie?

RUFUS: In haar TV-ding?

GREGORY: Ja, ek het vir jou gesoek.

RUFUS: Ek was in haar kleedkamer. Sy was so siek soos 'n hond. Ek moes haar help; sy wou niemand anders naby haar hê nie.

GREGORY: Griep?

RUFUS: Senuwees. Ek dog sy vrek, die ou slet.

GREGORY: Ons het niks gemerk nie.

RUFUS: Natuurlik nie, dit wys mos nooit.

GREGORY: Sy't nie so vet gelyk nie, Rufus?

RUFUS: Ek sê mos, as sy moet, verloor sy alles oornag. Die Here weet hoe sy dit regkry.

GREGORY: Self-preservation?

RUFUS: Maybe.

Pouse.

GREGORY: En wat het jy gedoen vandat ons mekaar laas gesien het?

RUFUS: Niks.

GREGORY: Hoekom niks? Help sy jou nie?

RUFUS: Ek het haar hulp nie nodig nie.

GREGORY: Maar sy kan vir jou rolle orals kry!

RUFUS: Ek het haar hulp nie nodig nie, Greg!

GREGORY: Waarom bly jy dan by haar? Here, Rufie, jy't dan vir oor 'n jaar . . . amper twee jaar niks gewerk nie!

RUFUS: Toemaar, jong, ek werk genoeg. Spinnekop se nes het miskien sy gemak en sekuriteit . . .

GREGORY: . . . totdat spinnekop honger word.

RUFUS: Ja, en die ou spinnekop kan vreet as sy wil.

GREGORY: Is daardie nuwe foto's van haar?

RUFUS: Ja, nogal mooi.

Pouse.

Skrif jy nog aan jou toneelstuk wat die Afrikaanse teater op sy voete sal help?

GREGORY: Nee.

RUFUS: Siestog, Greg, ons ou Boereteater se knieë is al seer.

GREGORY: Ek skryf nou aan 'n boek. Sandra het aangeraai dat ek so ver moontlik van alle teaterabnormaliteite wegkom.

RUFUS: 'Teaterabnormaliteite'! Soos ou Viljoen en Kie? Mmm. Hoeveel het sy vir ons parkeermeter gekry?

GREGORY: Ek weet nie.

RUFUS: 'n Boek, hè?

GREGORY: Ja, mens kan meer in 'n boek sê.

RUFUS: Mense lees nie meer nie.

GREGORY: Natuurlik lees hulle!

RUFUS: Ons het nooit gelees nie! Waaroor gaan jou boek? Oor my?

GREGORY: Nee, die toneelstuk sou oor jou gegaan het.

RUFUS: Sou dadelik verban word.

GREGORY: Moontlik.

Pouse.

RUFUS: En die ou boekie?

GREGORY: Die boek is . . . hel, dis nou moeilik om te beskryf.

RUFUS: Oor Sandra?

GREGORY: Oor 'n Bantoe-familie.

RUFUS: 'n Bantoe-familie?

GREGORY: Ja. Eksploitasie deur die wit minderheid.

RUFUS: Vyf persent van die bevolking wat negentig persent van die landsrykdomme besit.

GREGORY: Vier persent van die bevolking!

RUFUS: Waarvan jy natuurlik nie deel is nie.

GREGORY: Wat?

RUFUS: Wat 'n pot kak!

GREGORY: Dit is die probleem waarmee ons nou sit.

RUFUS: Die boek gaan dus oor Sandra.

GREGORY: Nee, Rufus, Sandra het my net van die probleem bewus gemaak.

RUFUS: Met ander woorde, jy sit te huis in Yeoville, seker in 'n area waaruit die Bantoes weggevoer is om vir jou plek te maak, en daar skryf jy oor die verdrukte massas terwyl jou meid onder jou tiktafel die vloere skrop.

GREGORY: Ja, Rufus, en dit begin al koers te vat.

RUFUS: Here God, Gregory, jy's 'n kramp.

GREGORY: Luister, vriend. Moenie jy my werk verbied net omdat jy nou niks daarmee te doen het nie.

RUFUS: Power to the People?

GREGORY: Natuurlik.

RUFUS: En Sandra sit natuurlik agter jou skouer and korrigeer alles wat jy skryf.

GREGORY: Nee! Kan ek asseblief nog 'n drankie kry?

RUFUS: Whisky en water? Die verdrukte massas drink kafferbier, ou verligte liefing.

GREGORY: Nie te veel water nie!

RUFUS: Laat ek jou geheue verfris, ou maat. Daar was eenkeer 'n werklose akteur wat uit sy woning en bed gewerp is om plek te maak vir die nuwe sosiale bewustheid – die sosialis-opportunis

GREGORY: Nie te veel water nie!

RUFUS: Jy's soos 'n slagspreukspuitende propagandamasjien! Gregory, destyds toe ons parkeermeters geleen het en ou *Stage* en *Cinema*'s gelees het, was jy egter oorspronklik met jou toneelstukkies oor Ester en die Diva-Misterie en al daardie glinsterende stront waarom ons lewens vir twee jaar gedraai het . . .

GREGORY: Iets moes verander!

RUFUS: Ek het nie verander nie. Ek twyfel of jy verander het.

GREGORY: Ek het my Sandra.

RUFUS: Nee! Ek dink ek gaan huil!

GREGORY: Ek is ten minste van my sosiale onbewustheid bewus gemaak.

Pouse.

RUFUS: So. Binne 'n jaar swaai jy oor van John Vorster na Karl Marx.

GREGORY: Sien? Tipies! Daar is 'n geweldige verskil tussen Marxisme en Sosialisme, Rufus.

RUFUS: Die een begin met 'n S en die ander met 'n M. Hoe avant-garde! Let's face it, comrade, alles kom saam in een ideologie. Kom ons sit al ons geldjies in één groot bak. En dan gee ons almal twee rand. Twee rand aan Ester Viljoen, twee rand aan John Vorster, twee rand aan Winnie Mandela, twee rand aan Rufus, as hulle sy naam kan onthou, twee rand aan klein Gregory, twee rand aan uitlander Sandra, twee rand aan ou Sofie . . . wie weet, as ons vir Sally de Santos ook twee rand gee, dan kry ou Sofie saam vier rand

GREGORY: Wie's ou Sofie?

RUFUS: Ou Sofie is waaroor dit alles gaan. Ou Sofie met haar rooi jas, bril en Cavallas, wagtend op iets wat nooit sal kom nie, want haar kleur is 'slightly off' soos jou Sandra sou sê.

GREGORY: Sandra sou dit nooit sê nie!

RUFUS: Ou Sofie beny ou Ester nie haar sukses of roem nie, maar gebruik dit eerder as 'n doel om na te strew. Ou Sofie sal egter nooit kan reik na wat in Ester Viljoen se voorskoot geval het nie, maar – ten spyte daarvan – sit sy nie op haar dik gat met 'n glas whisky en deklameer halfgeslete leuses nie!

GREGORY: Wie de hel is ou Sofie?

RUFUS: Ek is ou Sofie.

Pouse.

GREGORY: Ek het nie hierheen gekom om oor politiek te stry nie!

RUFUS: Politiek? Die stryery gaan oor ons.

GREGORY: Jammer, ek sien die verband eenvoudig nie.

RUFUS: En dit maak my baie treurig.

GREGORY: Ek . . . ek het gehoop ons kon oor die ou tye gesels.

RUFUS: Ons het begin om oor die ou tye te skerm. Ek wag nog steeds dat jy iets uit die ou tye erken.

GREGORY: Moenie weer daarmee begin nie. Dis klaar! Finished!

RUFUS: Finished se moer, man! Liefde lewe lank! Seks is net iets van die verlede as jy sterf, of as jy jou knaters platsit!

Gregory wil loop. Rufus hou hom styf vas, hande om sy gesig.

GREGORY: Los my . . .

RUFUS: Kyk na my! Mense behoort na mekaar se gesigte te kyk voordat hulle oor mekaar begin skryf.

GREGORY: Rufus, jy maak my seer!

RUFUS: Wat is nuut? Toe! Kyk! Wat is anders, my ou liefling?

GREGORY: Niks, man, jy lyk dieselfde!

RUFUS: Ja. Selle ou gesig. Niks verander nie. Dit is wat die sekuriteit van 'n verhouding met sukses doen aan jong Boereseuns met 'n sekslus en geen toekoms. Dowe, blinde nietigheid. Laat ek jou geheue verfris, ou seksmaat. Groot voël en geen hoop.

Rufus wil vir Gregory soen.

GREGORY: Moenie vulgêr word nie.

Pouse.

Rufus probeer sy verleentheid weglag.

RUFUS: Maar dit is vulgêr! Selfbehoud is 'n vulgêre gedoente. Om voor te gee dat jy anders is as wat die Wyse Ou Vader bedoel het, is 'n vulgêre besigheid. Ons probeer albei so vulgêr as moontlik te wees.

GREGORY: Ek is wonderlik gelukkig.

RUFUS: Jy's verlief op jou Engelse onderwyseressie.

GREGORY: O nee.

RUFUS: O ja. Die nuwigheid van normaliteit.

GREGORY: Dinge gaan goed met my. Ek is verlief. Ek is gelief. Ek het jou nie nodig nie. Ek is jammer, Rufus, ek is okay.

Pouse.

RUFUS: Okay. Nog 'n drankie?

Gregory skud sy kop.

Gee jy om as ek . . .

GREGORY: Nee, asseblief . . .

RUFUS: Dankie, ou maat, dankie, ek het my brandstoffsies nodig.

Pouse.

Hy skink 'n drankie.

Gregory lyk ongemaklik.

So. Hoe voel jy, normale Boereseun?

GREGORY: Okay.

RUFUS: En as daar krulhaartjies om die bad vassit?

GREGORY: Wat?

RUFUS: Wat voel jy, verligte feëttjie, wanneer jy 'omgang' met jou meisie het en aan my dink? Wanneer sy begin huil nadat julle 'gemeenskap' gehad het – of sou ek liewers sê, nadat julle gemeenskap versin het; en sy huil oor een of ander vae herinnering van beter

dinge – en jy weet dis jou skuld – en dit is jou skuld want jy is oneg in jou liefde en sy weet dit.

Pouse.

GREGORY: Jong, praat liewers oor jou eie lewe.

RUFUS: Dit is my eie lewe.

GREGORY: Wat van jou Ester se gevoelens? Haar vernedering?

RUFUS: Watter vernedering? For God's sake . . .

GREGORY: Sy's te bang om weer met iemand anders van voor af te begin. Wat het sy in haar lewe behalwe jou?

RUFUS: Haar donnerse loopbaan.

GREGORY: Sy kan dit nie bed toe sleep nie.

RUFUS: Sy sou as sy kon. Sy probeer verdomp hard genoeg!

GREGORY: Nou ja? As dit so onsmaklik vir jou is, loop! Jy's nie vasgebind nie! Of onder kontrak nie! Of getroud nie!

RUFUS: Ek het nie gesê dit was onsmaklik nie . . .

GREGORY: Dis die indruk wat ek gekry het. As dit so 'n 'vulgêre' ding is wat jy daagliks onder moet ly, los dit, en ontsnap om jou verontwaardigde sin van fatsoenlikheid te paai. Sien, die ou verroeste taal blink ook soms.

RUFUS: Ja, dis maklik vir jou om aan te raai, maar ek kan haar nie net so verlaat nie.

GREGORY: O. Dit klink bekend. Sy sou iets oorkom as jy haar verlaat?

RUFUS: Moontlik.

GREGORY: En sy huil?

RUFUS: Ja. Sy huil.

GREGORY: Want sy weet as sy jou uitgooi, sal sy jou vernietig. Ester gee ook seker voor – ter wille van jou – vir jou selfbehoud.

RUFUS: Ag kak, man . . .

GREGORY: Jy en Ester het mekaar so nodig soos 'n verlamde sy rystoel. In plaas daarvan dat julle albei se behoefte aan mekaar meer positief gebruik, verslind julle mekaar se swakhede soos twee besete bloedsuiers! O ja, Rufus, ek het al krulhaartjies om die bad gevind, maar dan aanvaar sy my . . . 'gewoontes'. Dis daardie steun en leuen wat 'n verhouding laat werk. Saamwoon.

RUFUS: Ons het vir twee jaar saamgewoon!

GREGORY: Het ons? Ek het vir twee jaar vir jou gewag. Met aftershave onder my arms. Wagtend dat jy moet huis toe kom om vir my te vertel watter fantastiese dinge jy aan

Ester Viljoen gedoen het en hoe mal sy daarvoor was en gesoebat het vir meer en hoe lekker dit was om normaal ook daarby te wees en draai om en spalk oop Gregory want dis weer tyd om jou te . . .

RUFUS: Sê dit!

GREGORY: Nee!

RUFUS: Sê die woord, Gregory.

Pouse.

GREGORY: Nee. Dit klink te simpel . . . nou . . . ná so lank.

Pouse.

RUFUS: Jy behoort daardie groeiselbaard af te skeer. Dit laat jou te intelligent voorkom.

GREGORY: Dink jy so? Gits, ek het nooit gedroom ek kon een aankweek nie.

RUFUS: Hoekom nie? Jy was altyd mans genoeg.

Pouse.

Verlang jy nie terug daarna nie?

GREGORY: Nee.

RUFUS: Ek verlang dikwels terug daarna.

GREGORY: Gaan kamp in Joubertpark.

RUFUS: Dikwels, Gregory.

GREGORY: O, en wat vertel jy vir Viljoen?

RUFUS: Spraakklasse.

GREGORY: Spraakklasse? Help dit?

RUFUS: Ja . . .

Pouse.

GREGORY: Hoekom het jy ons oorgevra?

RUFUS: Ek wou jou weer sien. Ek dag dit sou sports wees – vir ou times' sake.

GREGORY: Sports?

RUFUS: Ssspppooorrrtttsssss!

Hy skree dit hard uit.

Gregory is geskok deur sy uitbarsting.

GREGORY: Hoekom het jy ons dan albei oorgevra?

RUFUS: Sou jy sonder jou Sandra gekom het?

GREGORY: Ek weet nie.

RUFUS: Ek het eintlik gehoop julle sou saamkom. Ek . . . ek wou vermy wat nou net hier plaasgevind het . . . ek wou jou net herinner het . . . ek wou hê jy moes besef dit was nie

altdy die wagtery nie, die fasades . . . ek wou die goeie tye in jou geheue verfris.

GREGORY: Jy het.

RUFUS: Jy onthou die goeie tye?

GREGORY: O ja, ek onthou te goed. Soos die tye toe ek met my Dinky Toys gespeel het. Ek

dink dikwels terug en onthou hoe baie ek sulke speletjies geniet het.

RUFUS: Hopend om weer eendag te speel?

GREGORY: Ja, maar nou is ek te oud daarvoor. Dinky Toys.

Rufus streel Greg se hare.

Ons hoor iemand by die voordeur inkom.

Greg beweeg weg van Rufus.

Hei, dis my meisie. Julle moet daardie voordeurklokkie laat regmaak.

RUFUS: Ja-nee, ons sal moet . . .

Ester kom binne en gee 'n briljante vertoning vir Gregory.

ESTER: Slaan my neer met 'n volstruisveer! Selfs sonder bril erken ek daardie klein vet

boudjies. Gregory, my engel, fancy seeing you here, my dear, my dier.

RUFUS: Ester, ek het gedink . . .

ESTER: Ek twyfel!

Sy is dierbaar teenoor Gregory.

Ek spandeer mos nie die hele aand om oor tekste en draaiboeke te kibbel nie. Alexis

Engelhartjie, het ek gesê . . . Alexis Vallance, jy't natuurlik van hom gehoor . . .

GREGORY: Ja . . .

ESTER: Natuurlik. Sien jou in Durban, het ek gesê; sy koue ingevoerde sosaties opgevreet –

soos my boyfriendjie sê – en ofgefok – ook soos my boyfriendjie praat – al dinkend hoe heerlik die stilte en swye van my huis sou wees.

GREGORY: Ek is nie van plan om te bly nie . . .

ESTER: En waarom nie? Jy's hier! Hier moet jy ten minste vir 'n minuut bly. Ek is mos nie

'n krokodil, of 'n draak of 'n kwaai hond nie? Hoekom dink jy ek is soos 'n kwaai krokodil?

GREGORY: Ester, ek dink nie . . .

ESTER: Presies. Dis presies wat verkeerd is met julle groenkoppe wat die wêreld probeer

verander. Julle Dink Nie. Ag, moenie weghol nie, poppie. Ou Viljoen is mos 'n goeie gasvrou. Alhoewel haar reputasie voorgee dat sy gewoonlik haar gaste kies, maar moenie dat dit jou afsit nie. Bly bokkie, bly.

GREGORY: Nee, regtig, ek het net ingeloer om hallo te sê.

ESTER: Nou wel? Sê dit! Hallo.

Aan Rufus, met groot glimlag.

Rufus, lig van my lewe, is dit nou nie 'n verrassing nie?

RUFUS: Ja . . . ja.

ESTER: Ja.

Pouse.

RUFUS: Ja.

Pouse.

Wel, ek beter . . .

ESTER: Ja, wat 'n goeie plan.

RUFUS: Kos, ek . . .

ESTER: 'n Goeie plan!

Hy gaan vinnig uit.

Sy lag.

Wanneer sal die bogger leer om nie dinge vir dié waardin weg te steek nie. Fancy seeing you again, Master Gregory, Master?

GREGORY: Ek dog dis die bediende.

ESTER: Ag nee toe, Gregory, moenie my talentjies te hoog aanprys nie. Waar's jou Engelse meisie?

GREGORY: Sy kom. Sy moes vir 'n telefoonoproep wag.

ESTER: Telefoonoproep? Is dit nou haar tipe werk?

GREGORY: Seker haar ouers.

ESTER: Uit Londen?

GREGORY: Ja.

ESTER: Hoe dramaties. Ek hou van jou baard.

Sy kyk in haar handspieël na haar grimering.

GREGORY: Dankie.

ESTER: Laat jou baie intelligent voorkom.

GREGORY: Ja, ek verstaan so.

ESTER: Ja. Baie manlik, ja.

Dan vriendlik.

Dit lyk my alles het toe uiteindelik uitgewerk tussen jou en Elizabeth.

GREGORY: È . . . Sandra.

ESTER: Sandra ôk? My maggies, verkragter! Ek is so gelukkig vir julle al drie.

GREGORY: Net Sandra.

ESTER: Net Sandra. Ag toemaar, Greg, daar is altyd 'n Elizabeth in elke man se lewe. Eerlik.

Ek is baie gelukkig vir julle.

GREGORY: Dankie, Ester.

ESTER: Het julle enige trouplanne?

GREGORY: Sandra glo nie aan die noodsaaklikheid van trou nie.

ESTER: O.

GREGORY: Behalwe natuurlik as daar kinders is.

ESTER: Natuurlik. Wil julle kinders hê?

GREGORY: Hopelik. Eendag.

ESTER: A!

GREGORY: Hang af van haar werk.

ESTER: A!

GREGORY: Ons het nie enige dringende planne nie.

Ester steek 'n sigaret aan.

Pouse.

ESTER: In verband met kinders nie.

GREGORY: Ja.

ESTER: Haar werk! Hè! Selle ou storie.

Pouse.

Julle sal pragtige kinders maak. Pragtige seuns.

GREGORY: Hou op, Ester!

ESTER: Nee, engel, ek bedoel dit. Uit die ou hart. Pragtige kinders. Ek het . . . è . . . eenkeer amper 'n seun gehad.

Sy wag op sy reaksie.

O ja, dit sou 'n seun gewees het. Dit het toe al na 'n slapende babaseun gelyk. O, ek het dit natuurlik nie self gesien nie; die verpleegster het my vertel. Ek het gepleit en gesoebat en uiteindelik het sy my vertel. Soos 'n sluimerende babaseuntjie. My Jesuskind. Dit was óf hy, óf wat ek as my eerste groot kans beskou het. My éérste groot rol. Wat 'n keuse.

Sy sug.

Snaaks, nè, bokkie? Mens maak so dikwels die verkeerde keuse. Mense behoort nie toegelaat te word om self te kies nie. Hulle behoort voorgesê te word. Iets . . . iemand behoort vir hulle voor te sê. Geloof in eie vermoë is nooit genoeg nie. Hulle behoort voorgesê te word

GREGORY: Watter rol was dit?

ESTER: My tiete was enorm weens die kind. Simpele ou tiete het nie besef daar sou geen mondjie wees om te voed nie. O, ek het my groot spel gelewer. Die volle Afrikaanse Ester Viljoen-Teaterondervinding! Ek dog ek was skitterend. Ek was ook. Blerrie briljant. En jonk. En vol vertrou dat my opoffering resultate sou lewer. En watter resultate! Twee drie-en-twintigjarige hangpramme!

GREGORY: Dis die eerste keer dat ek hiervan hoor.

ESTER: Wat? My kind of my tiete?

Hy kyk vies weg.

En hoekom moes jy daarvan weet? Toe ek daaglik Yeoville toe moes trek om my Rufus terug te eis, wou ek jou niks meedeel nie. Niks wat jy ooit teen my sou gebruik nie.

GREGORY: Ek sou dit mos nooit gedoen het nie . . .

ESTER: Daardie nagmerrie laat my nog sidder. Ek het daardie huis gehaat. En vir jou. Jou medelye sou die einde gewees het. Pity from such a pitiable little creature!

Pouse.

Rufus vertel my nou, jy't agter my gelus.

GREGORY: Nooit!

ESTER: Nie eers 'n bietjie nie? Ag kom, bokkie, vertel! My lewensglans? My verlokking? Ag, Gregory, jy kan my nou maar veilig vertel. Ek het nie die energie om jou te oorrompel nie.

GREGORY: Ek kan nie onthou nie.

ESTER: Is sulke gevoelens so maklik om te vergeet?

GREGORY: Destyds het glamour – lewensglans – alles vir my beteken. Dit was baie belangrik dat ek 'n deel was van die sogenaamde 'bekoring', die 'misterie' van jou lewe wat ek nou as onsinnig kan erken.

ESTER: Ek? Onsinnig?

GREGORY: Ek wou nie onbetreurd sterf nie. Ongekend. Onberoemd . . .

Gee 'n laggie.

Dit klink so simpel.

ESTER: Ja . . .

GREGORY: Miskien het ek jou jou status beny. Ek was jaloers op Rufus se assosiasie met jou image. Ek het dit as lewensglans beskou. Ja, jy was eenkeer nogal bekoorlik. Dit het my baie aantreklik voorgekom.

ESTER: Maar totaal onsinnig.

GREGORY: Ja. Persoonlik. Glamour is subjektief. Serebraal. 'n Terapie. Soos Sandra sou sê,
a pretence towards maturity.

ESTER: Waarsonder jy volwasse is?

GREGORY: Miskien meer mature.

ESTER: En jou onbetreunde dood?

GREGORY: Ek het my Sandra.

ESTER: En ék het my Rufus.

Rufus kom in met 'n bakkie neut.

RUFUS: Wat? Praat jy weer van my?

ESTER: Ja. Ons gesels oor nihilisme.

RUFUS: O Here, tog nie weer nie! Ester Viljoen het besluit sy is nou 'n middeljarige
Trektersvrou en sonder hoop.

GREGORY: Ag, dis simpel, Ester. Ouderdom is alles serebraal.

ESTER: Wat?

GREGORY: Dis wat jy jousef voorsê. Honestly, as jy oud dink, sal jy oud word.

ESTER: En as ek jonk dink . . .

RUFUS: . . . dan val jy uitmekaar.

ESTER: Serebraal, hè?

GREGORY: Ja.

Ester kyk af na haar borste.

ESTER: Hoor hoor, julle twee pap aanhangsels! Die serebrale senter raai aan dat julle
tweetjies jusef styfruk! Serebraal! En wat van die pyne in die rug en die ou blaas wat nie
so lekker wil werk nie? Moenie vir my sê my hare val uit weens lugbesmetting nie,
asseblief! Ek kan ten minste serebrale veroudering hanteer!

GREGORY: Ons het jou TV-ding gesien.

ESTER: Natuurlik, almal het my TV-ding gesien.

GREGORY: Jy was uitstekend.

ESTER: Is dit nou 'n serebrale gevolgtekking, of somaar uit die ou hart? Ag, ek was te vet.

GREGORY: Is nie.

ESTER: Is!

RUFUS: Sê sy was te maer.

ESTER: Ag hou jou mond, Sannie Stront!

RUFUS: Okay, jy was te vet. Vet vet vet vet. Dis jou eie skuld. Jy vreet te veel.

ESTER: Ek vreet net as ek ongelukkig is.

RUFUS: Toemaar, ou aktrieese, die kos is amper reg.

Sandra kom in – net deur Ester gesien.

Jy moes soos 'n orkaan deur ou Alexis Engelhartjie se sosaties gekou het.

ESTER: Ja, presies soos 'n orkaan.

RUFUS: Was jy so ongelukkig?

ESTER: Nee, bokkie, vervoer deur vreugde. Hy't my die hoofrol in sy nuwe toneelstuk aangebied. The lead in his new play. Ek mag miskien 'n middeljarige Trekkersvrou wees, sonder hoop, maar my werksreputasie is goed. Ek is 'n goeie belegging.

RUFUS: That's no lie.

Hy en Greg giggel.

ESTER: Ja, ek is nogal in my noppies.

RUFUS: Wonder wat's die rol. Ouma en Oupa sit op die stoep?

ESTER: Naandsê, meisie.

Rufus en Greg draai en sien Sandra.

RUFUS: Hi, Sandra.

Sandra praat Afrikaans met 'n Engelse aksent.

SANDRA: Die klokkie werk nie. Hallo, Ester?

ESTER: Hallo . . . è . . .

SANDRA: Sandra. Jy onthou my seker nie.

ESTER: Wat het dan van Elizabeth geword?

RUFUS: Wie?

GREGORY: Ag, Ester . . .

RUFUS: Hoe't jy ingekom?

SANDRA: Daar. Alles was wydoop van straat tot bo. Someone seemed in a hurry to get back.

ESTER: Someone was.

RUFUS: Ester, jy moet onthou . . .

ESTER: Ja, ja, om deure te sluit.

RUFUS: Have a seat, Sandra. Jy weet dis hoe die inbrekers inkom.

ESTER: Miskien is dit waarvoor ek wag. So 'n sexy Hillbrow-boef wat minstens weet wat hy doen. Ek het altyd gewonder watter sports dit sou wees om 'n boef so casually aan te rand en dan nog 'n rekeninkie te oorhandig vir dienste gelewer.

GREGORY: Find a parking place?

SANDRA: I nearly brought the meter along.

Hulle lag.

Ester is vies.

ESTER: Rufus, comfort your guest!

RUFUS: Oh sorry, Sandra, something to drink?

SANDRA: Whisky please, Rufus.

Ester plaas haarself in die middel van die fokus.

ESTER: Tipies tipies tipies. Kinders, julle sal nie glo wat ek moet deurmaak nie. Alexis

Vallance het onlangs hier kom eet . . . oh, you must have heard about Alexis, haven't you,
eh . . .

SANDRA: Have heard about, not met yet.

ESTER: What a shame! Such a divine friend! He and Marie . . . that's his wife, an Afrikaans
girl . . . such a sweet girl . . .

RUFUS: Oppas, poppie, jou byvoeglike naamwoorde hang uit.

GREGORY: Sies, Rufus.

SANDRA: I'm sure that's rude, Rufus.

RUFUS: Only Afrikaans for adjective.

Hulle lag vir Ester

ESTER: . . . came to dinner! Ons het almal aan tafel gesit en daardie klein Rufus-snot . . .

RUFUS: You'd better repeat that in English.

SANDRA: Little Rufus lamb?

Meer gelag.

ESTER: God! Julle bring my van stryk af. Waar was ek?

SANDRA: Die Vallances aan jou eettafel.

ESTER: Ah yes. The whole point of the evening was so that Rufus could make contacts . . .

RUFUS: Here we go again!

ESTER: . . . make contacts his way! Alexis would've given him a super part in one of his
plays. Or films. He's gone into films too, you know.

SANDRA: Really.

ESTER: Oh yes, darling. There's an untapped mine of film talent in this country.

RUFUS: If only they could find it.

ESTER: Jy het my met minder respek behandel as wat jy aan daardie kelner betoon het!

SANDRA: Kelner?

GREGORY: Waiter.

RUFUS: Ek, Ester, het die ou op sy gemak probeer sit, nadat jy hom die hele aand 'boy'

genoem het.

ESTER: Boy?

RUFUS: Ja, 'boy'. Of die 'kaffer'.

ESTER: Of die 'kaffer'? Ek het nog nooit iemand by daardie name genoem nie, dit lieg jy, bogger, nooit!

RUFUS: You called him 'boy' and 'kaffer' in order to dazzle darling Alexis with your superiority over common servants.

ESTER: Nou's dit ook 'common servants'! Kyk, jou donner, ek betaal genoeg taxes om so nou en dan 'n kelner te huur om my met onthale te help.

SANDRA: And what have taxes got to do with restaurant service, Ester?

Pouse.

Ester lyk verlore.

ESTER: Eh . . . well . . . nothing, dearie. I was just trying to make a point.

RUFUS: Yes, the point being that she is Ester Viljoen and she can be rude to people.

ESTER: I am never rude to people! I just don't believe in making embarrassing effort to break down natural barriers. Now, if I'd called that boy 'darling' it would have embarrassed him even more. I don't go out of my way to smile at kaffers just to show how liberal I am.

Pouse.

Almal kyk verbaas na haar. Sy trek maar net 'n gesig.

RUFUS: What Ester is trying to say is that I don't lick her friends' arses just to get work.

SANDRA: Pity. You could be missing out on good opportunities.

RUFUS: Maybe. Maar ek wil nie bekend word as Ester Viljoen se aanhangseltjie nie. Ek verkies om dinge self te doen. Op my manier.

ESTER: En die Engelekore skree 'Poephol Poephol!' Verskoon my terwyl ek my kamerorkes saamroep en my pille sluk.

(Aan Rufus:) Bokkie, hoekom groei jy nie ook 'n baard nie? It might fool us too!

Sy gaan uit.

GREGORY: Sluk sy nog pille?

RUFUS: Ja. Maermaakpille, vredespille, prikkelpille, die hele lot.

GREGORY: Met ander woorde, niks het verander nie.

SANDRA: No, Gregory, nothing has changed. Rufus?

RUFUS: Mmm?

SANDRA: Brand iets daarin?

RUFUS: Nee, dis . . . O, in die kombuis, ja, verskoon my.

SANDRA: Ja.

Hy gaan vinnig uit. Sy sug verlig.

Phew! She's a heavy lady.

GREGORY: She eats too much.

SANDRA: That's not exactly what I meant. Water?

GREGORY: In the green jug.

SANDRA: Want one?

GREGORY: No thanks, love.

SANDRA: There's some unrest happening. People were killed.

GREGORY: In Northern Ireland?

SANDRA: No – in Soweto.

GREGORY: Oh.

SANDRA: I'm dying for a cigarette.

GREGORY: No, Sandra. Willpower.

SANDRA: Willpower.

GREGORY: Six weeks tomorrow.

SANDRA: Six weeks tomorrow.

GREGORY: It's wonderful that you've stopped smoking.

SANDRA: It's wonderful that I've stopped smoking – can I have a cigarette?

GREGORY: No.

SANDRA: My God, you're so dominating.

Sy soen hom teer.

I thought the Afrikaans lady would be away.

GREGORY: She must've come back because of us.

SANDRA: Pity.

GREGORY: I spoke to her earlier on the phone. I thought she was the maid.

SANDRA: Old South African habit.

GREGORY: Come, let's slip out while we can. Sandra?

SANDRA: Ja?

GREGORY: Kom.

SANDRA: Kom ons gaan bed toe?

GREGORY: Kom ons gaan bed toe.

SANDRA: No, love, we might as well get fed.

Pouse.

GREGORY: Did you . . . eh . . . speak to your parents?

SANDRA: No, they're in New York on holiday.

GREGORY: Oh. Who was supposed to call you then?

SANDRA: John McClintock.

Pouse.

GREGORY: From Cape Town?

SANDRA: Yes.

GREGORY: And?

SANDRA: I got the job.

GREGORY: Oh, you're brilliant!

SANDRA: Come on, Greg, it's a tatty job . . .

GREGORY: But it's a British firm and it means a lot of money!

SANDRA: Indeed it does.

GREGORY: Well done. When do you start?

SANDRA: Friday. Funny, I expected this flat to look different.

GREGORY: Where will we live? In Cape Town?

SANDRA: Oh . . . I don't know yet.

GREGORY: Feestelik! Let's stay at the sea. I know one can get places on the beach

somewhere near Cape Town. We can take Dikkes and . . .

SANDRA: But your friends are here.

GREGORY: What friends?

SANDRA: Friends.

Sy wys in die woonstel rond.

GREGORY: Oh, they're not my friends.

SANDRA: You'll get bored, Gregory.

GREGORY: I won't. I'll get a job.

SANDRA: Houses by the sea cost money we don't have, and someone must look after the house here.

GREGORY: We'll find someone.

SANDRA: I don't think you will.

Pouse.

GREGORY: Sandra, I've never been to Cape Town.

SANDRA: Nor have I. Let's talk about it later, okay?

GREGORY: Okay . . .

Pouse.

SANDRA: Was Ester here when you arrived?

GREGORY: No.

SANDRA: So you and Rufus could recap on old times.

GREGORY: He tried.

SANDRA: Have the two years with him no meaning for you anymore?

GREGORY: There was no point in discussing it. Sandra, let's go . . .

SANDRA: But what did you two talk about?

GREGORY: Oh . . . argued.

SANDRA: About who was to blame?

GREGORY: No, Sandra, about the book.

SANDRA: Ah, your little book. Yes, I thought the idea would freak out our Rufus.

GREGORY: He's so unaware. I don't think he's changed at all.

SANDRA: No, probably not. I think I'll sell the car.

GREGORY: Why? I'll look after it for you.

SANDRA: But you don't drive.

GREGORY: I'll keep it running every day. Battery and things. Really, it's our little car . . .

SANDRA: Greg, you're so bloody sentimental. Look, there's no point if you don't use it and

I need the money, love.

GREGORY: Take the car with you. I'm told you need a car in Cape Town.

SANDRA: I won't be there for long. There are plans to send me to Rio to head the local

branch there. I don't know what will happen. I'd rather keep an open mind.

Pouse.

GREGORY: But that's South America.

SANDRA: I believe so.

GREGORY: Why didn't you tell me?

SANDRA: It wasn't finally decided until tonight.

GREGORY: Why didn't you tell me!

SANDRA: I told you! We only decided tonight!

GREGORY: Who's we? That hairy Scotsman, no doubt!

SANDRA: Please don't make a scene.

GREGORY: I have a right to know. God, you don't make decisions like that in ten minutes!

You must've known for some time. You should've consulted me!

SANDRA: Since when do I have to consult you about my life? We're not married. I'm free to make my own decisions.

GREGORY: But we're together. You're my . . .

SANDRA: . . .best friend. Gregory, please, not in front of these people!

Ester kom in met 'n veelseggende hoes – dra mooi kaftan.

O, dis pragtig.

ESTER: Ja, ek het dit vroeër vanjaar in Parys – Frankryk – gekoop.

SANDRA: Pragtig.

ESTER: Ja, ek is nogal self mal daaroor.

SANDRA: Het jy dit nie op die teevee gedra?

ESTER: Mmmm, jy moes nogal fyn gekyk het. Waar is 'the boy'?

SANDRA: Ek het vir Gregory gesê dat . . . ek . . . oh, do you mind if I speak English?

ESTER: No, dearie, I'm quite bilingual.

SANDRA: Well, I was saying to Gregory that I expected this flat to look different.

ESTER: Different to what?

SANDRA: Well, you seem to be making quite a lot of money. I expected it to be . . .

ESTER: Like a stately home of England?

SANDRA: Not exactly . . .

ESTER: More like a farmhouse, maybe?

SANDRA: I didn't imply that.

ESTER: Not all Afrikaners spend their nights with the oxen in the shed, and because I sometimes feel obliged to share my bed with a ram, doesn't mean I'm quite primitive.

SANDRA: Oh for heavens sake, Ester, did I say that?

ESTER: No, you're too English to be honest. I don't believe all the stories about your outspoken contempt of our society here.

SANDRA: Good.

ESTER: And in spite of hating our ways, our master race tactics, you seem to enjoy making money here.

GREGORY: Ester!

ESTER: Ja, ek kom by jou. Ek hoor jy's nou 'n kommunist!

SANDRA: Oh for heaven's sake!

Ester speel 'geskok'.

ESTER: Wat het ek gesê!

Praat dramaties in die draagbare radio.

Sersant van der Walt? Luister jy nog? Glippie van die tong, engel, vee af van die band, hoor?

Sy lag lekker.

Ag toemaar, bokkie, dit vat meer as 'n moffie-muggie om dié Boereboot te laat omslaan.

Nou ja, waar is die lewensbloed van ons jeug? Bogger!

RUFUS (*af*): Wag jong!

ESTER: Sandra, would you like another drink? Or don't you partake of our national sports?

Rufus kom binne.

RUFUS: Kos is reg.

ESTER: Nou ja, bedien dit soos 'n goeie jong.

RUFUS: Sal julle asseblief deurkom eetkamer toe?

ESTER: Ag nee wat, ons is mos eenvoudige Boeremense. Ons eet somaar lekker op die vloer.

RUFUS: I laid the table.

ESTER: Your sex drive will be the death of me yet.

Sy gaan uit.

Bring jou pellies deur, kaffer!

Pouse.

Rufus praat saggies met Sandra sodat Greg nie hoor nie.

RUFUS: I'm sorry about this.

SANDRA: She was supposed to be out.

RUFUS: I know. She came back.

SANDRA: Obviously. You're not much help you know.

Sy gaan uit.

RUFUS: Kom ons gaan deur, Greg, ou Viljoen sal dink ons vry.

Pouse.

Wat's verkeerd?

GREGORY: Sy gaan my verlaat.

RUFUS: Wat?

GREGORY: Sy gaan my verlaat! Sy't my so pas vertel. Suid-Amerika. Sy wil die kar verkoop. Ek dink sy's verlief op 'n ander man.

RUFUS: Ander man?

GREGORY: Ek het alles verander om haar lief te hê en nou gaan sy met net so los. Ek kan dit nie verstaan nie . . .

RUFUS: Ag nee, ou Greg, sy's seker op hol oor Viljoen. Ester is bedonnerd vanaand, jy weet

hoe reageer mense daarop.

GREGORY: Here, ek kan nie sonder haar bestaan nie. Rufie? Ek't niks om op terug te val nie!

RUFUS: Niks? Ag toe, miskien tog? So ietsie? Miskien tog . . .

Hy gaan na hom en begin hom soen.

EINDE VAN DIE EERSTE BEDRYF

TWEEDE BEDRYF

Greg kom in en skink 'n drankie.

Ons hoor hoe Ester 'n ou teaterstaaltjie vertel. Uiteindelik:

ESTER: Toe, lag julle donners, dis snaaks! Ag nee, damn it, Rufus, los die borde, die meid kan dit doen! Second door to the right, Sandra.

Rufus kom in met borde in die hand.

Waar de hel is die klong . . .

Ester kom in en neem die borde.

Los die borde, jong. Het ons hulle nie genoeg beïndruk nie. O . . . my maag is seer.

RUFUS: Moet net nie weer die kos blameer nie.

ESTER: Kos? Kos! O hê'è!

Sy lag hard.

Greg, onthou jy hoe een van jou katte spaghetti as 'n wurmaanval beskou het?

Pouse.

Greg?

Rufus bedui dat sy hom moet uitlos.

Sy ignoreer Rufus.

GREGORY: Wat? O ja, Floffie.

ESTER: Ou Floffie, ja. Sê my, nou dat alles in jou lewe normaal is, wat noem jy die katte? Annie en Sannie?

GREGORY: Ou Floffie is dood.

ESTER: Ag foeitog, Greg. Jy was so baie geheg aan ou Floffie. Toemaar wat, bokkie, jy't nog die ander ou wol . . . è . . .

Rufus wys met vinger teen kop.

RUFUS: Dikkes.

ESTER: Dikkes?

RUFUS: Di-kke-s!!

Sy waai sy aandag weg.

Ou Dikkes eet net boerewors.

ESTER: My maggies, nog steeds 'n Boerekat, nè?

RUFUS: Boere-Wors!

ESTER: Moet jy gedurig oor jouself praat?

Hy probeer haar aandag trek: wys dat Greg sy polse sal sny.

Hê?

Gregory sien Rufus se vertoning.

Rufus is verleë.

RUFUS: Wie's vir koffie?

ESTER: Greg, jy en jou Sandra het seker 'n lekker sosiale lewe. Wanneer kry jy kans vir jou boek?

GREGORY: Ek werk soggens in 'n winkel wat 'n bietjie geld inbring. Ek verwag nie dat Sandra vir alles betaal nie.

ESTER: Ag nee, asseblief, Gregory, moenie met my aan die verdedig wees nie!

GREGORY: Wel, dan basta asseblief peuter aan my lewe met Sandra.

RUFUS: Hoe is jou dop, Greg?

GREGORY: Whisky.

Rufus maak sy glas vol.

ESTER: Ek het lekker koeldrank in die yskas as jy wil hê.

GREGORY: Los die water.

Pouse.

ESTER: Bokkie, vertel my van jou boek. Waaroor gaan dit? Is dit vieslik? Sexy?

RUFUS: Baie vulgêr.

ESTER (*tergend*): Greg!

GREGORY: Dit het niks met seks te doen nie.

ESTER: Perverse drangetjies?

GREGORY: Dit gaan oor die Voortbestaanstryd.

ESTER: Mmmm, autobiografies.

RUFUS: Die 'menslike tragedie'!

GREGORY: Jy sal dit nooit verstaan nie.

ESTER: Ek is 'n mens.

Rufus lag luid; sy ignoreer hom.

Is die boek 'n storie of 'n dokumentêre ding?

RUFUS: Sosialistiese eenvoud teenoor kapitalistiese eksploitasie.

ESTER: Wat?

RUFUS: Dis waaroor die boek gaan.

ESTER: Greg, jy speel.

GREGORY: Nee.

ESTER: Nie? Sosialistiese eenvoud teenoor . . . wat?

RUFUS: Kapitalistiese dinges, ja.

Pouse.

ESTER: Mmm. Klink oulik, ja, heeltemal interessant. Rufus, waar's my handsak?

RUFUS: Hoe moet ek weet?

ESTER: Dit was hier by my in die kamer!

RUFUS: Ek weet nie! Greg, toe jy nou . . .

ESTER: En wat die donner staan daar op die tafel!

RUFUS: Die radio. Ag liewe Here, Ester, dra jou bril.

ESTER: Bliksem . . .

Sandra kom binne.

Bokkie, het jy nie my handsak gesien nie?

SANDRA: Pardon?

ESTER: My bag, dear, haven't you seen it?

SANDRA: Yes, there's an old one in the bathroom.

ESTER: An old one in the bathroom?

SANDRA: Yes, an old brown bag.

ESTER: Mmmm. Hope it's someone I know.

Sy gaan uit.

SANDRA: I like the way you did the spaghetti, Rufus.

RUFUS: Really? It was nothing.

SANDRA: No, it was very tasty.

RUFUS: Got the recipe from Sophia Loren.

SANDRA: Really.

RUFUS: She's written a cookbook.

SANDRA: Versatile lady.

Pouse.

RUFUS: Her recipes never fail.

Pouse.

SANDRA: No, I'm sure they don't.

Pouse.

RUFUS: Eh . . . would you like some coffee?

GREGORY: Ek wil gaan.

SANDRA: I'd love a coffee, Rufus.

GREGORY: Dis laat.

RUFUS: Ag nee, ou Greg, bly gerus vir 'n koffietjie.

SANDRA: He doesn't drink coffee anymore. What about some warm milk, love?

GREGORY: Don't 'love' me!

Ester kom binne – besig om haar neus te poeier.

ESTER: Wat gaan nou aan?

RUFUS: Koffie, Ester?

ESTER: Waarvoor?

SANDRA: No, maybe I won't stay.

GREGORY: Please don't feel you have to go because of me.

RUFUS: Ag nee, ou Greg . . .

Pouse.

SANDRA: Dankie vir die maaltyd.

ESTER: Plesier.

RUFUS: Ja, plesier.

SANDRA: Are you coming, Gregory?

RUFUS: Nog 'n dop, Greg?

ESTER: Los my drank. Gee die kind 'n Coke!

Pouse.

Dan praat almal gelyk.

RUFUS: Sandra, are you sure . . .

SANDRA: No really . . .

GREGORY: Ag nee, laat haar loop, jong, die dame het ander planne.

Pouse.

SANDRA: Jou mure het verf nodig.

ESTER: Dit lyk my ons het almal 'n bietjie verf nodig!

RUFUS: Black or white, Sandra?

ESTER: Toe, mense, besluit nou, ek is moeg!

SANDRA: Black with one sugar – look, I'll make it, Ester . . .

ESTER: Nescafé's op die kombuistafel, melk's in die yskas . . .

SANDRA: Gregory?

ESTER: Bring die suiker apart!

SANDRA: Gregory? Please! Come help me!

Sy gaan uit. Gregory volg.

ESTER: Tien minute vir koffie, tien vir sigarette, vyf vir versameling van serpies en kappies,

een vir groete, twee minute vir appearances, en dan bars jy, jou klein stront!

RUFUS: Ester . . .

ESTER: Goeie Samaritaan-splend ten koste van my gevoelens . . .

RUFUS: Here, Ester . . .

ESTER: Jy wat so lekker hoof van my huis speel! Ou lovers onthaal ten koste van my loopbaan; ten koste van my waardevolle tyd; ten spyte van my aanwesigheid! My lewe! Selvesugtig! Altyd self, self, self!

RUFUS: Kry nou end, Ester, Bloedrivier is verby!

ESTER: Bloedrivier?

Sy moet lag.

Geskiedkundige! Kwit, hulle's vervelig!

RUFUS: Toemaar, ou aktrieeese, jy's nog altyd vooros aan die wa.

ESTER: Natuurlik. Ek kan mos alles maklik hanteer as ek vroeg genoeg die feite ken en my eie situasie kan skeep.

RUFUS: Niemand hou jou hier vas nie.

ESTER: O nee, Here asseblief, ek wil nie later hoor dat ek my sleg gedra het teenoor jou vriende nie. Foeitog, jy't maar bra min vriende soos dit is.

Sy is bewus dat hy haar aanstaar.

Lyk ek alright?

RUFUS: Daar's 'n vuilkol op jou wang.

ESTER: Bliksem . . .

Kyk moeilik in die spieël sonder bril.

RUFUS: Was Alexis gaaf met jou?

ESTER: Ag Heretjie, hoekom lyk ek altyd soos 'n gebruikte kladpapier teen die einde van 'n dag . . .

RUFUS: Was hy kwaad dat jy laat was?

ESTER: Weg?

RUFUS: Mmmm.

ESTER: Blink my neus, of wat is dit?

RUFUS: Dra tog jou bril, Ester . . .

ESTER: Die dag wanneer my bril permanent opgaan, gaan jy permanent uit! Gun my tog 'n paar illusies!

RUFUS: Watter soort toneelstuk is dit?

ESTER: Dis niks.

RUFUS: Niks! Maar jy't . . .

ESTER: Ja, in die teenwoordigheid van jou vriende het ek altyd die hoofrol in 'n nuwe toneelstuk.

Pouse.

So, dit lyk my jou Gregory is baie gelukkig met Lady Sandra, of hoe dink jy, bokkie?

RUFUS: Hy is nie my Gregory nie.

ESTER: Ons Gregory dan! Foeitog. Julle't seker nie veel gesels nie. Ook maar moeilik wanneer 'n mens se Boerefortuin so lokkend teen jou bobeen ahang.

RUFUS: Wat?

ESTER: Onsubtiel, bokkie. Om sonder onderbroek te staan gee die indruk van armoede, nie seksdrang nie!

RUFUS: Los my uit, Viljoen!

ESTER: Ek pes baserige vroumense. Sy het die motor en hy het die kat! Nee wat! Ek glo nog aan die goeie soliede lewensvreugdes. Soos waar ek ten opsigte van. my eie lewe staan. Soos bril dra slegs as dit noodsaaklik word. Dankie Vader ons het mekaar maar so min nodig.

RUFUS: Ja. Dankie Vader.

ESTER: Dis nou die één goeie ding van ons, Rufie. Ons is albei vry om presies te doen wat ons wil.

RUFUS: Absoluut.

ESTER: Jy is heeltemal vry om my te verlaat en ek is heeltemal vry om jou uit te smyt. Toemaar wat, jou Gregory was maar altyd die oorspronklike masochis. As daardie 'n perfekte verhouding is, dan wens ek hulle voorspoed-Van-der-Merwe.

RUFUS: Hulle noem dit saamwoon.

ESTER: Ja, hulle behoort te weet.

RUFUS: Sy gaan hom verlaat.

ESTER: Wat sien hy tog in haar? Normaliteit? Gmf, vir 'n Engelse meisie is sy soos hul sê a wet blanket! Wonder wat sy nou juis in hom sien . . .

RUFUS: Ester?

ESTER: Ester is doof, bokkie, sy stel nie belang nie.

RUFUS: Sy gaan hom verlaat, magtig! Sy's verlief op 'n ander man.

ESTER: Ander wat? Man?

RUFUS: Hulle praat nou seker daaroor.

ESTER: Ek wil nie weet nie; ek stel nie belang nie; ek wil nie weet nie!

RUFUS: Ons is sy vriende!

ESTER: Los my uit jou ons! Ek wil nie weer daarby betrokke wees nie!

RUFUS: Jy is daarby betrokke. Ons het mekaar miskien nie nodig nie . . .

ESTER: Dankie Vader . . .

RUFUS: . . . maar Gregory het niemand anders nie. Ons is sy vriende!

ESTER: Wil hy nou ook by my kom woon?

RUFUS: Verstaan jy nie?

ESTER: Nee, nie eintlik nie.

RUFUS: Niemand het hom al ooit net so verlaat nie . . .

ESTER: En dit nogal uit jou mond!

RUFUS: Ek is vervang. Dis die eerste keer dat iemand wat hy regtig liefgehad het, hom net so verlaat het. Hy't gedink dinge sou vir ewig perfek bly.

ESTER: Romantici is nie meer modieus nie.

RUFUS: Dankie Vader dit het hier gebeur.

ESTER: Hier in my huis.

RUFUS: Ons kan hom ten minste help.

ESTER: Soms skree jy maar niemand hoor nie.

Sy sug.

Wat word nou van my verwag?

RUFUS: Help hom!

ESTER: Hoe kan ek hom help, bokkie? Ek? Ester Viljoen was nie die een wat hy liefgehad het nie! Ester Viljoen was altyd die opposisie, die ander een, onthou? Die ou doos met die 'kêsh en contacts'.

RUFUS: Het jy geen meegevoel nie?

ESTER: Wil jy dit ook nog van my eis? Meegevoel vir daardie moffie?

RUFUS: Moenie mank taal met my wissel nie!

ESTER: Is maar net wat ek by jou geleer het!

Pouse.

En hoekom sal ek my nou oor hom kwel? As jy die voordeur vir elke klopper oopmaak, kan jy verwag om eendag deur een verkrag te word. Ek het hom nie gevra om sy een verbeeldingsdroom vir 'n ander te verruil nie. Alhoewel sy ou gewoontes 'n vieslikheid was, was ek nogtans in volle beheer van die situasie. Nie vooros aan die wa nie, maar nogtans in beheer van sake. Cash and contacts.

RUFUS: Is dit nodig om dit te sê?

ESTER: Hoekom? Is dit beter om dit te vermy?

RUFUS: Jy't nie juis uit jou pad gegaan om sy keuse te keer nie.

ESTER: Ag! Sandra was nie 'n keuse nie, sy was 'n alternatief. 'n Nuwe manier om moeë ou momente te herleef. Toemaar, ou maat, ek het dit van die begin af verwag.

Waatlemoenkonfyt en ingelegde vis gaan net nie saam nie. Natuurlik sou hulle hier kom en die reste van hul walglike seksverhouding op my tapyt uitoepe!

RUFUS: Wat van my gevoelens?

ESTER: Haai, bokkie, nou't jy my in 'n dwaal. Watter gevoelens? Simpatie? Naai-lus?

Afguns? Sekuriteit?

RUFUS: Gregory.

ESTER: O, naai-lus.

RUFUS: Hy's vir my soos 'n broer. Naas jou, my liefing, is hy die enigste persoon vir wie ek sou vertel as ek gonorree êrens opgetel het.

Sy is gewalg.

Dit wys hoe intiem ons is . . . ons was.

ESTER: En die afgelope jaar sonder hom was hel vir jou, ja toemaar.

RUFUS: Het ek dit ooit gesê?

ESTER: Toemaar wat! Beskuldig my gerus en verregverdig jousef!

Speel oordramaties.

'Dis ou Estie, sien, Greggief-lief, ek kan haar nie alleen los nie . . . sal haarself miskien iets aandoen . . .'

RUFUS: Hou op!

ESTER: '. . . sy's so onseker, so oud, so vet, so alleen, so ryk!' Ha! Hoekom het jy nie toe by jou Gregory gebly nie, hè, bokkie? Ek het jou nie gevra om Trekkersvrou se troeteldiertjie te speel nie! Volkmoeders waai nie polse rond en ratel pille nie! Maar ek is seker jy't hom deeglik vertel – nadat hy jou uitgeskop het! – hoe jy na my moes terugkom, arme liefing!

Melodramaties oor die kamer.

Hoe wanhopig ek aan jou moes vaskleef, arme engel; jy my moes ompraat uit my bekommernis, "jou befokte ou teef", want Rufus is terug! Werklose, radelose, nuttelose Rufus met die lekker Boerewors en tere woorde is terug, en dinge sal verbeter! Werk, geluk, toekoms – dinge sal verbeter want die Hoer is Terug in die Huis.

Pouse.

Ek behoort 'n dagboekie aan te hou. Net om te bewys dat wat gister goed was, môre beter

kan word; dat wat vandag 'n nagmerrie is, oormôre 'n vae aakligheid kan wees. Dat elke dag sonder enige melding van hom of Yeoville of Floffie of Dikkes net één ding kan beteken. Dat ou Viljoen nogtans iets wat haar eie was, behou het.

RUFUS: Aandenkinge?

Sy bars uit teen hom.

ESTER: Jy, jou slagpat donner! Slagpat donner, donner, donner, donner, donner . . .

Hy is geskok ná haar uitbarsting.

Pouse.

RUFUS: Estie, die rede waarom Greg hier is . . .

Maar sy luister nie. sy onthou.

Lag saggies.

ESTER: My broertjie, Klaas, het eenkeer 'n spinnekop teen ons toiletmuur ontdek. Een van daardie lomp slagpat spinnekoppe – ene been, geen lyf, kop, gesig. Hierdie siellose ding het so lank op daardie selle ou plek gesit dat die hele familie naderhand daarna gekyk het. Dit kon dood gewees het, dit was so stil. En toe, op 'n dag, verdwyn die donner. Ons het vir dae daaroor gesels, gewonder, bespreek – wat tog daarvan kon geword het. Dit was troostend om die ou daar te sien sit, op sy plekkie, dag na dag, week na week – stil, nuttelos, maar troostend. Nou nog, as ek huis toe gaan, kyk ek na sy plekkie daar teen die muur. Somaar uit gewoonte. Dit was troostend om die ou daar by my te hê.

Pouse. Sy gaan na hom en omhels hom.

Sandra kom binne. Rufus sien haar. Sy wys af: hy moet na Gregory gaan. Rufus maak homself vry van Ester se omhelsing en gaan uit.

Ester is bewus van Sandra. Ruk haar reg.

Koffie?

SANDRA: What?

ESTER: Cof-fee!

SANDRA: Oh yes, hang on.

Sy gaan uit.

Ester na foon en soek versigtig na die nommers sonder haar bril.

ESTER: May I speak to Mr Vallance, please? Thank you.

Sy wag. Sandra kom in met twee koppies koffie.

Eester sit die foon vinning neer.

Dis . . . è . . . nou drieur.

SANDRA: What?

ESTER: Ek het vir die tyd gebel. Drieuur? Almal natuurlik poepdronk. Ek weet as jy by Jan Smuts Lughawe aanland, dan word jy gesê om jou horlosie vyf-en-twintig jaar terug te stel, maar dit is skoon simpel. Hoe laat is dit nou, meisie?

SANDRA: Nee, Ester, ek het nie tyd nie.

ESTER: Ek ook nie.

Pouse.

Is it that hard to find a way out?

SANDRA: Someone's been talking.

ESTER: Rufus always 'talks'. If talk maketh the man, he'd be the father of us all. Would you like a biscuit?

SANDRA: No thanks. Yes, Ester, it is difficult to find a clean way out of a mess.

ESTER: Abortion.

SANDRA: What?

ESTER: Your mess, dearie. Have an abortion. It's quick, clean and if your reasons are strong enough, there'll be no regrets. You can always pick up someone else and start again. It's all external and objective – not like cutting out a child. I've known worse messes in my long and glamorous life.

SANDRA: I can't fight tears.

ESTER: Did he cry when Floffie was killed?

SANDRA: No.

ESTER: Ja-nee, 'n gemors. Well, Sandra, there's nothing I can do.

SANDRA: Of course not.

ESTER: I mean, you don't really expect me to do anything, do you?

SANDRA: I don't know. I planned it all so carefully . . .

ESTER: You don't know?

SANDRA: I don't know . . .

Pouse.

Ester bied haar 'n sigaret aan.

ESTER: Want one?

SANDRA: No, thank you.

ESTER: Sure?

SANDRA: Eh . . . no.

Pouse.

Ester steek haar sigaret aan.

ESTER: You've destroyed everything he had, everything he was. A happy homosexual, star-struck sodomist, dierbare draadtrekker.

SANDRA: He was none of those things.

ESTER: He was all of those things. Hy was toe ten minste 'n lekker outjie, 'n bietjie mallerig, totaal rasendmakend, maar agtermekaar met 'n geweldige sin vir humor daarby. Now all that originality is gone. He even looks like you.

SANDRA: He dotes on me like a little slave . . .

ESTER: Yes, we noticed.

SANDRA: I can't stand it.

ESTER: Tell him to stop.

SANDRA: How can I? I won't know what to expect. At least doting is manageable.

ESTER: Ag nee toe nou, Sandra, don't let yourself down like that. Show him you're more than just an object of worship and lust. Go on, be a devil. Show him your true colours. They're pretty vivid!

Pouse.

SANDRA: What part did you get? Your producer friend?

ESTER: Oh, big part, nice lines.

SANDRA: Different?

ESTER: Hey?

SANDRA: Different! I gather you're trying to get away from your image.

ESTER: What image?

SANDRA: You. Eyelashes, gurgling voice, bosoms, the friendly lady vampire living next door. Is the part different?

ESTER: Of course it's different!

SANDRA: Ah. Young and beautiful lady at last.

ESTER: Of course.

SANDRA: Young?

ESTER: Thirtyish!

SANDRA: Congratulations. What's the part? Some Voortrekker's mother?

ESTER: God, I played blerrie Medea once!

SANDRA: Yes, Gregory told me.

ESTER: So?

SANDRA: That was years ago, surely.

ESTER: It was the best thing I've ever done.

SANDRA: Medea?

ESTER: Yes. I was too young to play the part, really, but I was so agonisingly convincing.

SANDRA: You've never had children, have you?

ESTER: What has your little bugger been saying?

SANDRA: His usual limited repertoire of words.

ESTER: Children?

SANDRA: Yes, children, Ester.

ESTER: I haven't walked into strange houses and tried to take people over, if that's what you mean.

SANDRA: Leave Gregory out of this.

ESTER: No, I've never in fact had a child. Rufus always says I'm not a very good mother. I'm not very good at remoulding originals in my own image.

SANDRA: I said, leave Gregory out of this!

ESTER: It's difficult, but I'll try.

Pouse.

Why did you come here tonight?

SANDRA: I was invited to dinner.

ESTER: Do you know why?

SANDRA: One gets hungry.

ESTER: Sal iemand asseblief met my práát!

SANDRA: Pardon?

ESTER: Why were you invited? You and your Gregory?

SANDRA: Behind your back.

ESTER: Was it just old times?

SANDRA: No, it was part of my plan.

ESTER: Part of your plan . . . after a year? Suddenly?

SANDRA: I'm sorry. It's all gone wrong.

ESTER: Anything to restir old heartpangs?

SANDRA: Anything.

ESTER: Here, meisie, jy's so oorspronklik soos 'n namiddagslapie. You want an out and the only way you can manage it cleanly is to dump the body in my bed!

SANDRA: If you like.

ESTER: But I don't like! And you thought you'd changed him, made him 'normal'?

SANDRA: My normaility became his perversion. Anyway, you weren't supposed to be here.

I was going to break the news and leave them together. Like old times. Nice and clean.

No suicides, no tears, no scenes.

ESTER: Maar ou Viljoen was tuis.

SANDRA: Unfortunately. I hate justifying my actions.

Ester vinnig na die deur.

Where are you going?

ESTER: To throw you both out. It's late; I'm tired; I don't like either of you – you make me nervous.

SANDRA: I wouldn't go in there if I were you.

ESTER: Oh? You wouldn't, would you?

SANDRA: No, frankly, I wouldn't.

ESTER: And why not? I live here!

SANDRA: The sight of two men in bed no doubt has its erotic qualities, Ester, but not when the one is my little fellow and the other your man.

Pouse.

Uiteindelik:

ESTER: Anything to restir old heartpangs . . .

SANDRA: What else could I do?

Pouse.

ESTER: Why am I so calm?

SANDRA: What can you do?

ESTER: When they used to do . . . it in their house, I knew, but at least I could leave, I had my own place. What does one do now? Scream?

SANDRA: Nothing.

ESTER: Nothing?

Pouse.

I used to dream a lot. Once. I used to have nightmares, terrible technicolour nightmares.

But at least I would say to myself; this is a nightmare, don't worry, it's only a dream . . .

enjoy it. I used to say that to myself . . .

SANDRA: Say it now.

ESTER: Ek het gedroom ek was deursigtig; dat niemand my kon sien of hoor nie. Ek het geskree. Ek was in rooi geklee, alles in rooi, hopenoed dat iemand my sou raaksien. Ek was by Gregory en Rufus in die kamer terwyl hulle oor my gelag het en walglike dinge aan mekaar gedoen het en ek het geskree en gepleit maar niemand het gehoor nie. En toe het

ek gesê: 'Toemaar, Estie, dis net 'n droom. Geniet dit terwyl dit speel.' En dan het ek ophou skree en vir hulle gekyk. Wat hulle doen. Hopen dit was 'n droom; wetend ek was wakker. (*Sy hou haarself vas in pyn.*) Selle ou storie . . . twee Boereseuns in die bed met ou ou ou Viljoen wat hanswors speel . . . O Here, nie weer nie! Ek kan nie langer skree nie . . .

Pouse.

SANDRA: We couldn't keep them apart. Not for long.

ESTER: Balls!

SANDRA: This is inevitable!

ESTER: Ag stront! Not if you hadn't planned it so carelessly!

SANDRA: One can't change what there is.

ESTER: En dit nogal uit jou mond!

SANDRA: I thought it would work! It did work, for some time. But one can sense when the novelty has worn off. Oh, Ester, look, it's not in my nature. I can't stay in one place for too long.

ESTER: This, I hope, you told Gregory? In the beginning? That you're allergic to responsibility?

SANDRA: I must go . . .

Ester stoot haar terug in haar stoel.

ESTER: As far as he was concerned, you'd stay forever. As long as he played the game according to your rules!

SANDRA: It's not all my fault!

ESTER: There are some of us, even some of us whites, who would give up all we have gladly, in exchange for a hint of security. What Gregory thought he'd found in you.

SANDRA: He got it! There's nothing more I can do. I have my own life to lead. I can't stand possessiveness, Ester, no one owns me!

ESTER: Aren't you what they call a bad investment?

SANDRA: I don't have to explain anything to you!

Sy wil na die deur maar Ester stop haar.

ESTER: Haven't you noticed, dearie? I've been doing all the explaining.

Druk haar terug in 'n stoel.

Jou Engelse Teef! Om te dink ek sou jou help! O ja, ek sou moontlik jou vuil wasgoed oor neem en skoonskuur en uitdroog en platstryk en opvou, maar te hel daarmee! Ja-nee, poppie, jy verstaan ons so min soos ons taal. Bounce back, Boere!

SANDRA: Pardon?

ESTER: Pardon se poephol! You're too self-centered to allow any assistance, let alone sympathy. You even have the arrogance to expect him to commit suicide.

SANDRA: It's possible.

ESTER: Nonsense! Suicide isn't his alternative. You're not the last straw to clutch at. And even without Rufus he'll survive. He's been with us in the self-preservation business long enough not to lose his life over a bad investment. You're sick of him – God knows I don't blame you. Unfortunately we all tend to grab and hold. None of us want to die unknown, unloved, unmissed. When you slithered into his life, taking a shortcut through mine, what did you expect him to do? Hy't maar net een lewenswyse vir 'n ander geruil. Een meer aanvaarbaar, meer bevredigend. My blierie lewensglans was te skerp, te serebraal en Rufus wou nie in die flieks sy hand vashou nie. Buitendien was jy mooier as Rufus. Destyds.

SANDRA: Excuse me please, Ester . . .

ESTER: Moenie jy hier in my huis kom kerm oor jou shattered illusions nie. Discard your soiled habits. Exploiting Gregory's feelings for Rufus, because it's an easy way out! If I could find my glasses I'd hit you – hard! We're well rid of you!

Gregory kom binne.

GREGORY: Hoor hoor. Still here, Sandra dear?

ESTER: Los my donnerse drank!

GREGORY: What's next? A month's supply of sleeping pills as a farewell present?

SANDRA: Gregory, please . . .

GREGORY: Not in front of the hostess? I've known ou Viljoen longer than we both can remember. Ek hoef mos niks van jou weg te steek nie, of hoe, volksmoedertjie?

ESTER: Ag, Gregory, asseblief!

SANDRA: Gregory, maybe it's time to go.

GREGORY: Sit down, cow, I haven't finished with you yet!

ESTER: Magtig, man, moenie alles met jou moffiemond vernietig nie!

GREGORY: Nou ja, gaan kam jou hare êrens!

ESTER: Waarvoor?

SANDRA: Gregory, let's go and we can talk . . .

GREGORY: I'm talking.

SANDRA: Not here . . .

GREGORY: You should've thought about that before you made the arrangements with

Rufus.

Pouse.

Ester besef nou wat gebeur het.

Ja-nee, Rufus talks a lot. I think he was also scared I might cut the wrists or down the pills, so he kept talking.

ESTER: Net talking?

GREGORY: Nie net talking nie, nee. Soos jy gesê het, Estie, sy naai-lus sal ons almal in die graf steek. Ek het toe uiteindelik op 'n stoel gesit en luister.

SANDRA: Gregory?

GREGORY: I'm not interested . . .

SANDRA: Gregory, look at me!

GREGORY: Don't try and hypnotise me again, Sandie. I'm armed now, you see, with a wooden stake and a cross.

Rufus kom binne.

ESTER: My kruis.

GREGORY: Haai, pëllie, ek't hiervoor gevra.

RUFUS: Lyk my so, ou broer.

GREGORY: Ja-nee, dis ou Gregory se verdiende loon; om al sy sentjies in haar kollektebak te sit.

RUFUS: Onnosele ding om te doen, kêreltjie.

GREGORY: Is beslis, is beslis. Ek het nooit gedink sy sou iemand anders op my sentjies wil voer nie.

RUFUS: Shame, maar dis hoe die ou wêreld draai.

GREGORY: Ag ja. Haar broeise Skot is seker trots dat sy so veel van haarself afgestaan het aan 'n sieke siel . . .

RUFUS: . . . 'n donnerse sieke siel . . .

GREGORY: . . . potensiële selfmoordgeval . . .

RUFUS: . . . moffietjie . . .

GREGORY: . . . pretensieuse moffietjie . . .

RUFUS: Ag ja, die lewensglans sal moet terugvloei . . .

GREGORY: . . . soos die goeie ou dae, Rufie?

RUFUS: Soos die goeie ou tye, Greg.

GREGORY: Lewensglans is minstens serebraal . . .

RUFUS: . . . en elegant . . .

GREGORY: . . . en stom . . .

RUFUS: . . . en Afrikaans! . . .

GREGORY: Is orals te vinde!

RUFUS EN GREGORY: Lank glinster Lewensglans!

Ester kan nie meer vat nie.

ESTER: Stop it!

Sandra steek 'n sigaret aan.

GREGORY: Oh, Sandie, not after six weeks.

SANDRA: Do you really care?

GREGORY: Yes.

SANDRA: So? Put it out for me.

Hou haar sigaret uit maar hy neem dit nie. Greg gaan na die deur.

GREGORY: Nou ja . . .

RUFUS: Joubertpark toe?

GREGORY: Sandra?

SANDRA: I'll send you a postcard.

GREGORY: Thanks. By the way, I've been meaning to tell you.

SANDRA: What?

GREGORY: You're not that good in bed, you know.

ESTER: Dis nou genoeg, Gregory.

Pouse.

GREGORY: Sien jou rond, Sofie Stront.

Hy gaan uit.

Pouse.

RUFUS: Sies. Ek het hom nog nooit sien huil nie. Dis onnodig om hom so te sien huil.

ESTER: Nietemin het jy hom getroos.

SANDRA: This cigarette tastes dreadful . . .

RUFUS: Ek sou nooit huil as jy my verlaat nie.

ESTER: Ek sou so hoop.

RUFUS: En dit maak my baie treurig.

SANDRA: Did he say where he was going?

RUFUS: No.

SANDRA: Oh God . . .

ESTER: God's busy.

SANDRA: Look, I'm sorry . . .

ESTER: Tears have that effect. It's too late now. You've killed it. Clean, quick but dead.

Rufus sal jou vergesel tot by die hyser.

SANDRA: Pardon?

Ester haal 'n woordeboek van haar rak af.

ESTER: Here, girl. Teach yourself Afrikaans.

SANDRA: Really, I don't think . . .

ESTER: Really, I do think you should at least try. How can you possibly win an argument if you don't even know his language?

Sandra neem die boek.

Rufus sal jou vergesel.

Ester slaan die radio: dis 'n nuusberig oor Soweto.

Ek sal wag tot jy terugkom, bokkie, daar's sommer baie waaroor ek wil gesels.

Pouse.

Rufus en Sandra luister na die berig.

SANDRA: What are they saying?

RUFUS: Police have killed schoolkids in Soweto.

SANDRA: That's terrible . . .

ESTER: Well, what are you waiting for? Applause?

Rufus en Sandra gaan uit.

Ná 'n oomblik hardloop Ester agterna.

Skree af:

Jou blerrie fokken teef teef teef!

Kom weer binne.

Slapgat donner!

Sy huil.

Die nuusberig gaan voort. Die foon lui. Sy gaan na die foon en tel dit op.

Ja? Wag wag wag . . .

Slaan die radio af.

Ja, wie praat? O, Alexis? Ek is jammer, engel, ek was op pad . . . nee, ek voel nie lekker nie . . . nee, dis 'n bekende ou siektetjie terug in my lewe . . . nee, nie ernstig nie . . . ja, ek besef . . . ek't probeer bel maar . . .

Maar hy't al neergesit.

Donner.

Sit foon neer. Skink drankie.

Klein siektetjie . . . 'sy's weer poepdronk, Marie-lief, die ou doos.' Ek's nie so blind as wat jy hoop nie . . . moffie . . . jy't my nog nie eers verlaat nie en ek huil al . . .

Rufus luister in die deur.

. . . slagpat donner . . .

RUFUS: Wat gaan met jou aan? Hier's niemand nie.

ESTER: Soos gewoonlik.

RUFUS: Ek is hier.

ESTER: Ja, bokkie, maar ek kyk nie langer na jou plek teen die muur nie.

Sy sit. Hy skink 'n drankie.

Los my drank.

RUFUS: Ek wil een hê!

ESTER: Jy wil! Jy wil! Jy wil altyd hê! Jy wil werk hê! Vir ou Viljoen wil hy hê! Van Gregory wil hy hê! Nou ja, vat wat jy wil hê! Ek is vry; vry weer met Gregory, vat hom weer!

RUFUS: Shut up!

ESTER: Hy's nou weer vry! Al wat jy nou nodig het is 'n job. Meer supply, minder demands!

RUFUS: Moenie weer daarmee begin nie . . .

ESTER: 'n Lekker ou jobbie sonder my hulp!

RUFUS: Hulle't gesê hulle sou bel.

ESTER: Soms skree jy maar niemand hoor . . .

RUFUS: Wat?

ESTER: Selle ou storie . . .

Draai op hom met passie.

Hippy? Jy's sonder werk omdat jy nie wil werk nie.

RUFUS: Gaan kam jou hare êrens.

ESTER: Jy's 'n skollie. Soos heelwat ander opdrifels onder ons uitverkore volk, lewe jy lekker van die landsrykdomme waaraan jou ou Sofie moet inbetaal. Jy wil nie werk nie want dis makliker om sonder werk klaar te kom. Ek is wit; laat my sit!

RUFUS: Ek sal werk kry, op my manier.

ESTER: Jy wil nie werk kry nie. Jy's bang vir werk. Jy't so lanklaas iets behoorliks gedoen dat jy heel moontlik nie in staat sal wees om te werk nie!

RUFUS: Ek is gedurig aan die werk!

ESTER: You're damn right! Jy werk aan my! Om my te herinner aan my ouderdom, aan my onsekerhede. Dat ten spyte van al die worries jou gesubsidieerde teenwoordigheid my jonk sal hou, with it, cool, swinging, unreal, man! Sies, jy behoort 'n verhoging te kry vir al die sweet wat jy op my uitmors!

RUFUS: Jy kan nie daarsonder leef nie. Ek moet jou geduring herinner sodat jy kan bewys ek is verkeerd!

ESTER: Nou goed dan, loop! Bogger off! My lewe sal nie eindig wanneer jy by daardie deur uitstap nie!

RUFUS: Die dag wat ek hier uitloop, gaan soek jou rooi jas en gaan staan in die werkstou.

ESTER: Oh no, walk-on! Ek is 'n persoonlikheid in my eie reg! Ek kan op enige verhoog loop en niks sê en hulle sal mal word!

RUFUS: Daar's 'n kol op jou wang.

ESTER: Waar? Weg?

RUFUS: Ander wang. Laer. Hoër.

ESTER: Weg?

RUFUS: Mmmm.

ESTER: Ek is nie 'n aanhangseltjie . . .

RUFUS: Jou hare.

ESTER: Wat? Wat's verkeerd daarmee?

RUFUS: Staan agter regop soos strooi.

ESTER: Bliksem . . .

Sy gaan na die spieël en kyk.

Pouse.

RUFUS: Nou toe, laat ek hoor? Wat van aanhangseltjies?

ESTER: Wat? O ja. Ek is nie 'n aanhangseltjie aan iemand se handsak nie!

RUFUS: Beursie?

ESTER: Ja, jy behoort te weet. 'n Bietjie meer supply, 'n bietjie minder demand!

Hy ruk haar voor die spieël.

RUFUS: Jou patetiese ou goffel! Kyk na jousef. Toe, Ester Viljoen, kyk goed!

ESTER: Ek kan nie sien nie . . .

RUFUS: Jy wil nie sien nie. Ignore and it'll go away? Nie ek nie.

ESTER: Jy maak my seer . . .

RUFUS: Is maar net meer supply, minder demand. Hare dun uit, kry maar pruike, langer ooghare!

Hy trek aan haar vals wimpers. Sy skree en trek weg.

Lyk my ons het almal 'n bietjie verf nodig! Kan jy hoor hoe lag hulle agter jou rug? Trekkersvrou sonder hoop? Alexis sou jou nie eers die werk gegee het nie al betaal jy hom. En weet jy hoekom? Jy's 'n vrot aktrise! En as jy die slag iets doen, dan klink jy poepdronk!

ESTER: Senuwees . . .

RUFUS: Well, so much for the personality!

ESTER: Bastard!

Sy klap hom hard. Hy stop haar. In die gestoei breek 'n glas. Sy skree.

RUFUS: Gee hier, laat ek sien . . .

ESTER: O Here, ek kan nie kyk nie . . . is daar bloed?

RUFUS: Ja. Toemaar, jy sal niks kan sien sonder jou bril nie.

ESTER: Waar is my bril?

RUFUS: Ek weet nie. Sit. Ek kom nou.

Hy help haar sit. Sy kyk na haar seer hand, maar dan na haar vuus met haar ooghare in. Sit die ooghare versigtig neer. Rufus kom in met medikasie. Begin die sny ontsmet.

ESTER: Rufus?

RUFUS: Wat?

ESTER: Is ek 'n bloedsuier?

RUFUS: Hoe kan jy 'n bloedsuier wees? Maak oop jou hand.

ESTER: Sandra het my dit genoem.

RUFUS: En dit nogal uit haar mond.

ESTER: As jy na Gregory wil teruggaan, sal . . . Eina! Versigtig!

RUFUS: Jammer. As ek na Gregory wil teruggaan?

ESTER: Wil jy?

RUFUS: Wat dink jy?

ESTER: Ek weet nie. Dit lyk my egter . . .

RUFUS: So ja. Is dit gemaklik?

ESTER: Wat? O ja, dankie, bokkie.

RUFUS: Jy was besig om iets te sê.

ESTER: Dink jy dit bloei nog? Ek sal nie klem in die kake kry nie?

RUFUS: Dat ek teruggaan na Gregory.

ESTER: Ek kan sien hoe beweeg die gif op na my hart. Ek het 'n dokter nodig . . .

RUFUS: Ek kan miskien volgende week by hom intrek. Sandra vertrek Vrydag. Die aand sal

seker alright wees. Teen Sondag sal ons die ou huis reg hê – die ou stort terugsit, die ry plastiese gansies uitsmyt. Teen Maandagaand kan jy by ons kom eet. Soos die goeie ou tye.

ESTER: Ek gaan Maandagaand uit.

RUFUS: Okay. Kom dan Dinsdag, enige aand. Ons sal seker nie uitgaan nie, behalwe om vir 'n ou parkeermeter te gaan rondsnuffel. Ons sal baie hê om oor te gesels: 'n jaar is vol interessante dinge.

ESTER: Wat sal jy hom vertel?

RUFUS: Al die partytjies waarna ons gevra is, beroemde mense wat ons ontmoet het, dineë wat ons hier gehad het . . . jy weet, al die moeë ou momente wat sy mond vir twee jaar laat oophang het.

ESTER: Jy sal hom vertel van al die lekker tye wat ons saam gehad het?

RUFUS: Ja. Lieg as ek moet.

ESTER: Hom laat voel dat jy baie opgeoffer het om na hom terug te gaan?

RUFUS: O ja.

ESTER: Na my verwys as die ou slet, die ou teef, die ou doos?

RUFUS: Natuurlik.

ESTER: Getroue ou bogger.

RUFUS: Estie? Jy lyk soveel beter sonder al die gemors op jou gesig.

ESTER: My oë is te klein . . .

RUFUS: Moenie frons nie.

ESTER: Ek kan nie sien nie!

Hy vind haar bril en sit dit versigtig op haar gesig.

Jy't my seergemaak.

RUFUS: Ek is jammer. Ek is net so fyngvoelig oor my loopbaan soos jy oor joue.

ESTER: Watter loopbaan?

RUFUS: Ons.

Pouse.

ESTER: So. Jy waai Vrydag?

RUFUS: Nee.

ESTER: Saterdag dan. Sê my net en ek sal jou help trek.

RUFUS: Waarnatoe?

ESTER: Yeoville toe, donner.

RUFUS: Sal nie nodig wees nie. Hy wil my nie daar hê nie. Ek het gevra. Hy't gesê nee

dankie.

Sy kyk verbaas na hom.

Kom bed toe jong, dis laat.

Hy gaan uit. Sy sit vir 'n oomblik, glimlag dan breed. Slaan radio aan. Die nuusberig oor die onluste in Soweto laat haar oorskakel na musiek. Sy plak haar vals wimpers terug. Rol lipstiffie aan. Doen haar hare. Slaan die radio af. Kyk na haarself in die spieël.

ESTER: Slapgat donner!

Sy gaan uit met swier.

EINDE

SELLE OU STORIE SE SENSUURSAGE

Of 'Wat het dan geword van daai mooi ou volkswoord ef – oo – kaa?'

Wat is 'n Afrikaanse toneelstuk?

Is dit 'n teaterteks wat geheel in Afrikaans uitgesê word deur akteurs met geen sweempie van 'n aksent nie? Is dit 'n Franse drama wat in Afrikaans vertaal is? Kan dit dalk 'n tweetalige 'Suid-Afrikaanse opus' wees waarin mense hul tale somaar deurmekaarmix soos ons geneig is om te doen? En skryf jy 'n 'Suid-Afrikaanse toneelstuk' waarin jy albei 'amptelike' tale gebruik, kan jy die Afrikaners verkwalik dat hulle jou 'n Engelse skrywer' noem of die Engelssprekers 'n Afrikaanse dramaturg'?

'n Catch-22-situasie. Meer nog. Hierdie Catch-22 het subartikels (i) tot (xvii) en onderafdelings A tot Z.

Durf ek lughartig met hierdie sage omgaan?

Sensuur neem in die eerste plek die brood uit die skrywer se mond, maar omdat hierdie skrywer wit is en weet van watter kant die wind waai (kenmerkend van hierdie etniese minderheid), kan hy miskien grinnik terwyl hy die halfsente tel en bottels inruil vir deposito's. Daar is na alles niks so eentonig soos iemand wat bitterbek tekere gaan oor 'Wat kon gebeur het as dit nie gebeur het nie . . .' (met die moontlike uitsondering van Sondagaande op SATV!). Wie weet, het dit nie gebeur nie, was *Selle ou storie* dalk 'n Hertzogpryswenner, is dit vir skole voorgeskryf of het dit versink in die vergetelheid waar 'n plekkie daarvoor sekerlik reeds bespreek was. Maar danksy 'n oorbegrote Departement van Binnelandse Sake, 'n oorywerige groepie sedebewakers in 'n sedelose samelewing, 'n afsku aan 'n weergalmende gelag vir ons eie sothede in ons ore – tree die Raad van Beheer oor Publikasies gretig na vore – en van hier af ontvou die Sage.

Ek het in 1971 in Londen 'n vervolg gekryf op my eerste toneelstuk, *Faces in the Wall*. *Same Old Faces* was die titel. Te veel soos die eerste een.

'Jy't dit gesê. Gaan weg en begin weer,' het my agent gesê. Ek het weggegaan en niks gedoen nie.

In 1973 daag ek uit Londen by die Ruimte-teater in Kaapstad op vir die 'paar maande' wat drie jaar en meer as vyf-en-twintig opvoerings sou duur. Ek is aangemoedig om 'iets vir KRUIK', ons plaaslike staatsgesubsidieerde Afrikaanse teatergenootskap, te skryf. Met *Same Old Faces* op linker- en my Woordeboek op regterhand – en met 'n roekelose miskenning van beide – hamer ek *Selle ou storie* uit.

Pos die toneeltekste aan KRUIK. Dit word teruggestuur met 'n hoflike brief van die

destydse hoof, Pieter Fourie, wat wys op sekere fasette van die dialoog en die situasie wat 'nie deug' vir 'n kunsteraad nie. Agterna beskou heeltemal begryplik, maar daardie tyd, aangesien ek nog nie bewustelik begin het met 'n plaaslike *Tropic of Cancer* nie, was ek onvermydelik gekrenk. Ag nou ja, die Kartondoos onder die Katel bied 'n oplossing vir daardie koestering en daarin beland, skynbaar vir ewig, hierdie nie-deug-nie-ding wat *Selle ou storie* heet.

'n Opvoering word om die een of ander rede onverwags gekanselleer by die Buiten-Ruimte en ons sit met 'n leë teater en drie akteurs op soek na 'n toneelstuk. Ek is aangespoor om in die Kartondoos te krap: die drama oor die keiserin Josephine het te veel spelers; die Ding genaamd 'Just Gerrie' vereis te veel vernuwing; en die musiekblyspel-in-wording wat op Olympus geskoei is, vra om R500 000 en 'n musikus – maar *Selle ou storie*? Nou ja toe: vier karakters op soek na 'n gehoor.

Binne tien dae repeteer ons: Christine Basson as Ester, Johann van Heerden as Rufus, Marthinus Basson as Gregory and Lynne Maree as Sandra. *Selle ou storie* open op 15 Oktober 1974.

Ná 'n suksesvolle en (amptelik) onbewoë speelvak, beweeg ons uit na die Oude Libertas-teater in Stellenbosch vir vier stampvol aanbiedings. En net hier begin die gerommel: 'n brief van 'n gesiene lid van die Afrikaanse Kerk vra: 'Is dit die estetiese peil waartoe "verantwoordelike" Afrikaanse toneel reeds gedaal het? En kan daar tog nie deur die verantwoordelike instansies hier eers 'n keuring wees van vorm en inhoud van aangebode stukke, voordat toneelgangers hul geld op sulke "gemors" gaan verkwis nie?' (*Eikestadnuus*, 15 November 1974.) Die brief gaan plakboek toe as 'trofee', en aangevuur deur sukses, herhaal ons nog 'n speelvak by die Ruimte-teater.

Nog trofeë daag op: 'n brief (10 Desember 1974) van wyle mnr. Jannie Kruger, toenmalige voorsitter van die ou Publikasieraad, lui soos volg: 'Hiermee deel ek u mee dat die Raad beslis het om 'n ouderdomsbepanking van geen persone 4 tot 18 jaar te plaas vir alle opvoerings van *Selle ou storie* buite "Die Ruimte".'

Ons lees en neem kennis, maar swyg publiek ten einde diegene verantwoordelik vir hierdie vriendelike gebaar nie te beskaam nie. Die speelvak loop voorspoedig af en skynbaar is niemand van die ouderdomme 4 tot 18 beïnvloed of besmet nie!

Kruisdoof die Sage na 29 Februarie 1975. Ons repeteer die drama weer vir 'n Johannesburgse speelvak en bied twee opvoerings aan vir die Ruimteklub. Die rolverdeling is nou Christine Basson as Ester, Pieter-Dirk Uys as Rufus, Val de Klerk as Sandra en Danny Keogh as Gregory. Op 16 Maart 1975 open ons *Selle ou storie* by die Blue Fox-teater,

Johannesburg, onder die banier van Die Geselskap.

Dit word entoestiasties ontvang in die Engelse pers, maar die Afrikaanse media is verstop. Uit *Die Transvaler*:

‘*Selle ou storie* sal lank onthou word . . . maar miskien vir die verkeerde redes.’

Op 27 Maart verskyn dít in die *Vaderland*:

‘Volgens ds. C.C. Colijn [voormalige sedebewaker van die NG Kerk en lid van die nuwe Publikasieraad] wemel [*Selle ou storie*] van “godslastering, liederlike uitdrukings, banaliteit en vulgariteit”. Volgens ds. Colijn kom optrede van sowel die Polisie as die Publikasieraad.’

En op 28 Maart in *Beeld*:

‘Volgens ds. Colijn het ds. Scheepers hom net per telefoon van die stuk verwittig. Die taal is so onwelvoeglik dat alles nie oor die telefoon genoem kon word nie, maar wat hy wel gehoor het, was skrikwekkend.’

Op die eerste dag van April 1975 word die nuwe Direktoraat van Publikasies gestig, en sedertdien bly dit soos ’n chroniese sweer in die publieke oog. Die *Rand Daily Mail* van 3 April berig [vertaal]:

‘Dominee D.J. Scheepers, ’n uitvoerende lid van die NGK se Kommissie vir Openbare Sedelikheid versoek dat die Minister van Binnelandse Sake, dr. Connie Mulder, die toneelstuk bywoon en besluit of dit verbied moet word. “Twee seksueel afwykendes en twee dranksugtiges is die hoofkarakters in tonele wat godslasterlik en smerig is,” het mev. Scheepers gister gesê. Die Kommissie vir Openbare Sedelikheid het besluit om ’n noodvergadering te belê oor die toneelstuk.’

Terloops, vanweë Jannie Kruger se 4–18-ouderdomsbepanking op die toneelstuk sou die nuwe Publikasieraad moes wag tot 10 Desember 1976 voor hulle die opvoering daarvan kon verbied. Dooie punt – baie lawaai, programme wat na die spelers op die verhoog geslinger word, Pretoria-studente wat luide uitstapperye reël, ’n aantal werklik woeste (en taamlik verbluffende) onwelvoeglike telefoonoproepe by my hotel, ’n paar swaar asemhalers, gepynigde uitdrukings, en *fantastiese* gehore is die gevolg. Ek het die beste publisiteitsmaatskappy in die land ontdek: die Sensuurraad!

Sukses lei inderdaad tot meer sukses en ons kry ’n teater in Pretoria waarheen ons die opvoering kan neem ná die speelvak by die Blue Fox. Maar mnr. Verkramp en mev. Fatsoenlik is nog met ons en Die Donner in!

Rand Daily Mail, 16 April [vertaal]:

‘Die Stadsraad van Pretoria se Bestuurskomitee het gister die toneelstuk *Selle ou storie* verbied. Die verbod geld alle teaters wat deur die stadsraad bestuur of besit word, met inbegrip van die Piet van der Walt waar die toneelstuk van 21 April tot 3 Mei opgevoer sou word. Geen rede is verskaf vir die verbod nie . . .’

Ons beëindig die speelvak, lig anker, vlug terug na Kaapstad, en laat die Noorde agter in ’n SOS-beroering.

Op 27 Junie arriveer die telegram van die Publikasieraad wat die teks van *Selle ou storie* om die volgende redes verbied:

ARTIKEL 47 (2):

- onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is
- godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is
- enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak
- vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is. Die publikasie van *Selle ou storie* word derhalwe verbied.

Daar het egter geen eksemplaar van die toneelteks bestaan naas die paar fotokopieë wat die akteurs gebruik het nie. Een kopie was by ’n voorste uitgewer wat onmiddellik sy belangstelling teruggetrek het, en nog een by ’n kunsteraad. Die toneelteks wat verbied is, soos afgelei kon word uit die eindelose lysie van Woorde en Frases wat later as rede vir die verbod voorgehou is, was eintlik die werkskopie van die voorlopige teks. ’n Goeie derde van die ‘dinge’ wat soveel amptelike paniek en woede ontlok het, het nooit in die toneelstuk verskyn wat in 1974 vrygestel is nie; *Catch-22*, kleinletter-b!

Geen geskrewe teks nie. Nie eens ek mag ’n afskrif besit nie. Ons beplan ’n heropvoering van die toneelstuk in Kaapstad. Is ’n opvoering ‘publikasie’?

Die Burger, 28 Junie 1975:

‘Sou ’n opvoering van ’n toneelstuk nie beteken dat die stuk tog versprei word en dat opvoering maar één medium van verspreiding is nie? Dit is egter ’n vraag waarop ek nie bereid is om in dié stadium kommentaar te lewer nie, so het mnr. J.L. Pretorius, direkteur van die Publikasieraad gister gesê toe hy oor die verbod op die publikasie van Pieter-Dirk Uys se *Selle ou storie* genader is.’

Ná die skielike verbod op *Karnaval* op 21 Julie (2 verbiedinge in minder as ’n maand) begin die speelvak van *Selle ou storie* by die Buiten-Ruimte; spelers: Christine Basson, Lynne Maree, Blaise Koch en Pieter-Dirk Uys. Die toneelstuk word opgevoer sonder ’n toneelteks vir die akteurs of verhoogbestuur. Ons gebruik ’n bandopname van die oorspronklike Afrikaanse teks – en daar is nog die oorspronklike Engelse teks getitel *Same Old Story!* Daar is mos menigvuldige weë en middele om te bewys die aarde is rond. Weer eens reageer die pers soos tevore.

Appèl word aangeteken, maar ondanks die finansiële steun van enkele mense dwarsoor die land, moet dit teruggetrek word, tesame met dié vir *Karnaval*, weens ’n gebrek aan fondse en dryfkrag. Die uitwerking van ’n verbod op die spelers en skrywer is afgrylik. Soos sensuur se tentakels deur ons hele kulturele spektrum kronkel, besef steeds meer mense dis geen grap nie. Die feit dat dit belaglik is, maak dit nie noodwendig lagwekkend nie. Ervaring is die beste leermeester, en die lys slagoffers en veterane van die Publikasieraad groei by die dag.

Op ’n positiewe noot: Christine Basson wen die toekenning as beste aktrise vir haar legendariese vertolking van Ester Viljoen in *Selle ou storie* (18 Oktober).

Die lewe gaan voort.

God’s Forgotten sal skynbaar vir ewig gelukkig voortleef. Geen belangstelling van die sensors nie, want daar is geen vloekwoorde nie, geen lastering in Afrikaans nie, en die titel is Engels.

Catch-22 K (ii)!

As ‘die mees verbanne Afrikaanse dramaturg’ voel ek bietjie soos Linda Lovelace met klem-in-die-kaak. Maar ’n wit ‘Afrikaanse’ toneelskrywer kan hom nog die komedie in so ’n situasie veroorloof. Swart dramaturge kom reddeloos te staan voor die realiteite van stilswye.

In Julie 1976 vertrek die Syrkel-toneelgeselskap op ’n kunsreis met *God’s Forgotten*, *Strike Up the Banned* (deel I) en *Selle ou storie*. Ons voer ons ‘Boereporno’ op in PE en – van alle plekke – Bloemfontein. Die laaste opvoering tot op datum was in die Bloemfonteinse Stadsteater op Saterdag 24 Julie 1976.

Op 17 Junie 1977 – teen ’n betaling van R25 – is die toneelteks van *Selle ou storie* opnuut ter heroorweging aan die Publikasieraad voorgelê. ’n Paar dinge is uitgehaal met inagnome van hul oorspronklike besware. ’n Brief gedateer 1 Augustus 1977 het as antwoord hierop verklaar die teks is nie slegs opnuut verbied nie, maar somaar die opvoering ook.

Selle ou storie is finaal uitgewis.

Maar stil! *Die Staatskoerant* kondig ’n nuwe daeraad aan! Die vertroostende woorde van

onse Connie Mulder wat ons verseker dat die nuwe Publikasiewet net ten goede meewerk, en dat niemand slegter daaraan toe kan wees ná 'n beslissing van die Publikasieraad by hervoorlegging nie. Ek wys my penvriend, Direkteur van Publikasies Pretorius, hierop.

Hoekom is die opvoering ook nou verbied? En dit alles vir R25?

Ek sê dit wil net nie lekker klop nie. Wat gaan aan, vra ek? Met vriendelike groete . . . Op 19 September 1977 daag die antwoord van die Departement van Binnelandse Sake op:

'Geagte mnr. Uys . . .

By die voorlegging van die teks van *Selle ou storie* het u aangedui dat dit herskryf is en "for purposes of publication and performance" voorgelê word. Dit is om hierdie rede dat die teks . . . ongewens is. Genoemde teks is trouens in die lig daarvan dat dit herskryf is, as 'n ander publikasie en verhoogstuk geag'.

Catch-22 Z (vii)!

Jy skrap drie woorde wat 'ingewandgasse', 'ingewandsekresies' en 'geslagsgemeenskap' beskryf, en die sleng vir 'Bantoe', en siedaar!, 'n nuwe toneelstuk. Neem kennis, Etienne Leroux, O Etienne Leroux! Op die koop toe kry ek 'n terugbetaling van R20, nogals!

Gevolgtrek sit ek nou met 'n *Selle ou storie 1* – teks verbied maar opvoering toegelaat – en 'n *Selle ou storie 2* – beide verbied. Beteken dit ek kan steeds SOS1 opvoer? Ek skryf aan my penvriend en vra hom presies dit. Hy antwoord flink op 4 Oktober 1977:

'Uit die aard van die saak kan die Direkoraat van Publikasies hom nie uitspreek oor die beslissing, of die uitleg of toepassing daarvan, wat die voormalige Raad van Beheer oor Publikasies . . . t.o.v. die oorspronklike toneelstuk gegee het nie.

Met vriendelike groete . . .'

Helaas is 'n mens se lewe te vol belangrike dinge om hierdie agtervolgery van die Publikasieraad in 'n voltydse Ralph Nader-veldtog te omskep. Die moontlikhede is talloos: lê elke ses weke opnuut 'n herskryfde teks voor. Wat is R5 nou? Jy betaal meer om 'n slaapkamerklug te sien. En hierdie spulletjie is selfs snaakser. Stel jou voor: sestien verbode toneelstukke wat almal *Selle ou storie* heet? Of laat die oorspronklike toneelstuk herleef as kostuumstuk, en maak gereed om te hól en miskien selfs deur 'n rivier te swem na Lesotho. Of vervang elke 'aanstootlike Woord' deur 'n luide tjortsklank? Sies.

As 'n mens regtig die tyd sou hê, ek bedoel as ons die weelde van beskikbare tyd gehad het, kon ons ook voel-voel ons weg vind na 'n volwasse kultuur. Ons kon speletjies speel en die Gasvrou Bespring. Maar daarvoor is daar nie meer tyd nie. Die sensuur van *Selle ou*

storie was soos 'n stoute katjie wat op die tapyt piepie.

Daardie dae is verby.

Die eertydse katjie het nou Kake en die mag om sonder kommentaar te verbrysel. Hoe aaklig om skoon terug te verlang na die 'goeie ou dae van sensuur'. Wensdenkery om dié klugspel as 'n bedekte seën te beskou.

Ester Viljoen sou, snaaks genoeg, die eerste mens wees om ná so 'n vertoning verontwaardig te snork: 'Sies, ons mense praat nie so nie . . .' en aan te dring dat dit verbied word.

Selle ou storie . . . Selle ou storie . . .

Pieter-Dirk Uys

Kaapstad 1977